

SHAKESPEARE

MACBETH

Vertaal deur Eitemal

DIE UNIVERSITEIT VAN
STELLENBOSCH



DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

SHAKESPEARE

MACBETH

VERTAAL DEUR

EITEMAL



HUMAN & ROUSSEAU

KAAPSTAD PRETORIA 1965

Hierdie vertaling van *Macbeth* is
by geleentheid van die vierhonderdjarige herdenking
van Shakespeare se geboorte deur
prof. W. J. du P. Erlank, professor in Afrikaans-Nederlands
aan die Universiteit van Stellenbosch, gemaak
en vir die Universiteit van Stellenbosch uitgegee
deur Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.,
Kaapstad en Pretoria.

Die uitgawe is welwillend gesubsidieer
deur die Universiteit van Stellenbosch,
die Kaapse Drie-Eeue-Stigting en
die Abe Bailey-Trust.

PERSONE

DUNCAN, *Koning van Skotland*

MALCOLM }
DONALBAIN } *sy seuns*

MACBETH }
BANQUO } *generaals van die Koning se leër*

MACDUFF }
LENNOX }
ROSS } *edelliede van Skotland*
MENTEITH }
ANGUS }
CAITHNESS }

FLEANCE, *seun van Banquo*

SIWARD, *Graaf van Northumberland, generaal van
die Engelse magte*

Jong SIWARD, *sy seun*

SEYTON, *'n offisier in diens van Macbeth*

Jong SEUNTJIE van Macduff

ENGELSE DOKTER

SKOTSE DOKTER

SOLDAAT

PORTIER

OU MAN

VROU MACBETH

VROU MACDUFF

EDELVROU *in diens van Vrou Macbeth*

HEKATE

DRIE HEKSE

VERSKYNNINGS

Here, edelliede, offisiere, soldate, moordenaars, volgelinge,
en boodskappers

EERSTE BEDRYF

TONEEL EEN: 'N VERLATE PLEK

Donder en blits. Drie hekse op.

EERSTE HEKS : Wanneer kom ons drie weer byeen
In donder, blitslig of in reën?

TWEEDE HEKS : As al die rumoer eers oor is,
Die stryd gewen en verloor is.

DERDE HEKS : Dit sal wees voor die son wegsak.

EERSTE HEKS : Waar die plek?

TWEEDE HEKS : Waar die heide strek.

DERDE HEKS : Daar sal ons Macbeth ontmoet.

EERSTE HEKS : Ek kom, Groumaraai.

TWEEDE HEKS : Padda roep.

DERDE HEKS : Ja nou.

ALMAL : Boos is goed, en goed is boos :
Fladder deur vogdamp vuil en voos.

TONEEL TWEE: 'N KAMP NABY FORRES

*Rumoer binne. Duncan, Malcolm, Donalbain, Lennox
tree op met gevolg, ontmoet 'n gewonde kaptein.*

DUNCAN : Wie's die bebloede man? Hy kan vertel,
Soos uit sy wonde blyk, wat die jongste nuus
Oor die opstand is.

MALCOLM : Ja, hý is die sersant,
Hy't hard en goed soos 'n soldaat geveg
Om my te red uit vyandshand. Heil, vriend!
Vertel die koning hoe het die stryd gestaan
By jou vertrek.

KAPTEIN : Die stryd was onbeslis,
Soos uitgeput twee swemmers mekaar vasklou
En hul kuns verstik. Die wrede Macdonwald,
Rebel gebore – al die natuur se euwels
Die woeker in hom honderdvoudig voort –
Is uit die eilande aan die Westerkus
Versterk met voetvolk lig en swaar gewapen.
Die Geluksgodin het die rebel en sy
Vervloekte saak beglimlag soos 'n hoer.
Maar tevergeefs. Die dapper held, Macbeth,
'n Held voorwaar, maak haar voorkeur tot spot,
En met getrokke swaard wat rook van bloed
En slagting kap hy soos 'n troetelkind
Van die heldedom 'n breë baan en pad
Tot vóór die skurk.
En sonder groet of afskeidswoord het hy,
Soos langs 'n naat, hom oopgevlak van nael
Tot nek, en die doodskop op ons muur geplant.

DUNCAN : O dapper neef, en waardige edelman !

KAPTEIN : Soos uit die oord waar die son sy glans verhef,
Ook skipbreukstorms en donderbliksems breek,
So't uit die bron wat troos beloof, onheil
Weer opgewel. Hoor, Skotlands Koning, hoor.
Geregtigheid, met moed gewapen, het pas
Die lugtige voetvolk op die vlug gedryf,
Toe die Noorse vors sy tydstip gunstig kies
En wapenblink met vars soldate weer
'n Aanval loads.

DUNCAN : Het dit ons twee kapteins, Macbeth en
Banquo, skrik besorg?

KAPTEIN :

Die skrik

Wat mossies arende, 'n haas die leeu besorg.
Om u die waarheid te sê dit was presies
Asof kanonne met 'n dubbelskoot
Losbrand en op die vyand mokerhou
Op hou verdubbel. Dalk wou hulle baai
In die warm rook en bloed van wonde, dalk
Wou hulle 'n tweede Golgota herdenk,
Ek weet dit nie;
Maar ek voel flou, my wonde skreeu om hulp.

DUNCAN : Jou woorde en jou wonde strek tot eer;
Hulle spreek van moed. Kry vir hom geneeshere.

Kaptein af onder begeleiding.

Wie kom hier aan?

MALCOLM :

Die ed'le Taan van Ross.

LENNOX : Hoe blits sy oë van haas ! So kyk 'n man
Wat 'n vreemde boodskap bring.

ROSS :

God seën die Koning !

DUNCAN : Vanwaar, my edele Taan?

ROSS :

Van Fife, groot Koning,

Waar Noorse vaandels ons lug bespot, en die moed
Koudwaai in ons. Die staat Noorweë self
Met vreeslike getalle,
Gesteun deur die valse aartsverraaier,
Die Taan van Cawdor, het 'n droewe stryd begin,
Toe ons Strydgodin se bruidegom, in staal geklee,
Hom uitdaag om met hom sy mag te meet,
Swaardpunt teen punt, en arm se krag teen krag,
Tot sy veglus buk en breek. Om af te sluit,
Ons het die stryd gewen.

DUNCAN :

O pragtig !

ROSS : En nou
Smeek Sweno, Noorse vors, om vrede. Maar ons
Sal sy gevallenes geen begrafnis gun
Voor hy op die eiland Sint Columba stort
Tienduisend dalers in ons staat se kas.

DUNCAN : Laat die Taan van Cawdor geen sekonde meer
Ons hart verrai. Loop kondig af dat hy sal sterf
Onmidd'lik, en dat Macbeth sy titel erf.

ROSS : Daarvoor staan ek borg.

DUNCAN : Wat hý verloor, word aan Macbeth besorg.

Almal af.

TONEEL DRIE: 'N HEIDEVELD NABY FORRES

Donderweer. Drie hekse kom binne.

EERSTE HEKS : Waar was jy, suster?

TWEEDE HEKS : Varke doodgemaak.

DERDE HEKS : Waar jy, suster?

EERSTE HEKS : 'n Seemansvrou het kastanjes in haar skoot
Gehad, gekou, gekou : – „Gee ok,” vra ek.
„Weg, heks !” skreeu daardie dikstertding vir my.
Haar man vaar met sy skip, die Tierkat, na Aleppo.
Maar ék vaar met 'n sif tot vlot
Hom agterna, ék, stompstert rot,
Ek sal, ek sal, en ek sal.

TWEEDE HEKS : Ek sal één wind beskik.

EERSTE HEKS : Jy's vriendelik.

DERDE HEKS : 'n Tweede ék.

EERSTE HEKS : Ander kan ek self verwek;
Hawens waarheen hulle blaas,
Rigtings waaruit hulle raas,

Het ek op my seemanskaart.
Ek sal hom dor soos hooi uitdroog :
Slaap sal die afdak van sy oog
Nooit by dag of nag besoek ;
Hy sal leef soos een, vervloek :
Nege maal nege nagte aaneen
Sal hy skrompel tot vel en been :
Hoewel sy skip nie kan vergaan,
Sal stormwinde hom ruk en slaan.
Kyk wat het ek hier.

TWEEDE HEKS : Laat my sien, laat sien.

EERSTE HEKS : Hier't ek 'n loods se duim in my hand,
Hy't op sy reis terug gestrand.

Trommelslae agter toneel.

DERDE HEKS : 'n Trom, 'n trom,
Macbeth wat kom.

ALMAL : Sieneresse, hand in hand,
Boodskappers vlug oor see en land,
Dans hulle rondomtalie so.
Drie maal joue, drie maal myne,
Nogmaals drie, span nege lyne,
Rus ! Die towerkring is klaar.

Macbeth en Banquo binne.

MACBETH : 'n Dag so boos en goed het ek nooit beleef nie.

BANQUO : Hoe ver sou dit wees na Forres ? Wat is dit,
Verlepte lywe in die woeste drag ;
Hulle lyk geen aardse wesens nie, tog woon
Hulle hier. Leef julle ? Of is julle iets wat mens
Kan ondervra ? Ek sien julle het verstaan,
Want elkeen druk 'n skurwe vinger gou
Op veldun lippe : Vrouens is julle wel,
En tog verbied jul baarde dat ek julle
As sulks beskou.

MACBETH : Spreek, antwoord, as julle kan.

EERSTE HEKS : Alle heil, Macbeth ! Heil u as Taan van Glamis !

TWEEDE HEKS : Alle heil, Macbeth ! Heil u as Taan van Cawdor !

DERDE HEKS : Alle heil, Macbeth, wat hierna koning word !

BANQUO : Wat skrik u, ed'le heer, in skynbaar vrees

Vir wat so goed klink ? Sê in waarheidsnaam,

Is julle sinsbedrog of inderdaad

Wat julle uitwendig lyk ? My ed'le vriend

Groet julle met huidige eer en met voorspelling

Van adeldom en koninklike hoop,

Dat hy verruk staan. Mý sê julle niks.

As julle die saadbed van die toekoms ken,

En weet watter saad ontkiem of sal verstik,

Spreek dan tot my, wat nooit jul gunste vra

Of bang is vir jul haat.

EERSTE HEKS : Heil !

TWEEDE HEKS : Heil !

DERDE HEKS : Heil !

EERSTE HEKS : Minder as Macbeth, en groter.

TWEEDE HEKS : Minder gelukkig, tog gelukkiger.

DERDE HEKS : Hoewel geen koning, sal konings stam uit u.

Dus alle heil, Macbeth en Banquo !

EERSTE HEKS : Banquo en Macbeth, alle heil !

MACBETH : Wag, julle raaiselsprekers, vertel my meer :

Toe Sinel sterf, word ek die Taan van Glamis ;

Maar hoe van Cawdor ? Die Taan van Cawdor leef,

In mag en voorspoed ; dat ek sal koning word,

Oorskry so ver die bakens van geloof

As dat ek Cawdor word. Sê my, vanwaar

Kry julle die vreemde wete ? En waarom stuit

Julle op die kaalhaai heideveld ons gang

Met hierdie sienersgroet ? Ek eis dit, spreek.

Hekse verdwyn.

BANQUO : Die aarde het, soos die water, ook sy borrels
Wat vlug soos hulle verdwyn. Waarheen? Waarheen?

MACBETH : In die lug; en wat liggaamlik lyk, versmelt
In wind soos asem. Ek wens hulle was nog hier!

BANQUO : Praat ons van wesens wat hier werklik was?
Of het ons twee van die dolkruid geëet,
Wat die rede wegvoer en verwar?

MACBETH : U kinders sal konings wees.

BANQUO : En u 'n koning.

MACBETH : En Taan van Cawdor ook; dit was tog so?

BANQUO : Dit was die wysie en die woord. Wie's daar?

Ross en Angus binne.

ROSS : Die Koning het met vreug die nuus, Macbeth,
Ontvang van u sukses; terwyl hy lees
Hoe u persoonlik die rebel beveg,
Het sy bewondering en sy lof vir u
'n Stryd gevoer. Hy't, daardeur sprakeloos,
Die wapenfeite van die dag oorskou,
Hoe, vegtend teen die dapper Noorse rye,
U onbevrees 'n skrikbeeld van die dood
Gestig het in die stryd. So dik soos hael
Het renbodes ingekom met lof vir u
As groot beskutter van sy koninkryk
En dit voor hom uitgestort.

ANGUS : Ons is gestuur
Om dank van ons heer, die Koning, te betuig.
Ons bring geen loon, maar moet u begelei
Na die Koning self.

ROSS : En hy het beveel as blyk van groter eer
Moet ek u aanspreek as die Taan van Cawdor :
Heil, edele Taan, met nuwe titeleer
Beklee.

BANQUO : Wat! Kan die duiwel waarheid praat?

MACBETH : Die Taan van Cawdor leef : Hoe kan u my
Tooi in geleende kleed?

ANGUS : Die Taan leef wel,
Maar in die skaduwee van 'n doodsbevel
Wat hy verdien. Of hy met die Noorse mag
Verbind was, of die rebel in die geheim
Gesteun het, of met albei saam sy land
Se ondergang wou bewerk, ek weet dit nie.
Maar hoogverraad, erken en bewys, het hom
Tot 'n val gebring.

MACBETH (*Tersy*) : Glamis en Taan van Cawdor !
Die grootste kom nog.
(*Tot Ross en Angus*) Dankie vir u moeite.
(*Tot Banquo*) En hoop u ook u kinders sal konings word,
Daar dié wat my die naam Cawdor gegee het,
Niks minder aan hulle belooft?

BANQUO : As u dit glo,
Mag dit u siel verby die Taan van Cawdor
Laat vlam vat vir 'n koningskroon. Dis vreemd,
Maar duister magte lok ons tot ons leed
So dikwels deur 'n peuterigheidjie waar
En eerlik te voorspel, maar in die saak
Van groot belang ons heilloos te verrai.
O, vriende, één woord, asseblief.

MACBETH (*Tersy*) : Ons weet
As gunstige proloog tot die grootse spel
Van koningskap twee feite – Dankie, here.
(*Tersy*) Die bonatuurlike lokstem kan nòg boos
Nòg goed wees. Is dit boos, waarom het dit
Met waarheid begin en my 'n pand gegee
Op wat moet volg? Ek is die Taan van Cawdor :
Maar as dit goed is, waarom die dwanggedagte
Wat met sy skrikbeeld al my hare orent
Laat staan, my vaste hart wild teen my bors
Laat klop, so onnatuurlik? Huidige vrese

Is minder as my gees se spookgedrogte :
Die moordgedagte, wat maar 'n hersenskim is,
Skok so my staat van enkel menswees, en
Ontwrig sy werking so, dat die nie-bestaande
Die enigste is wat bestaan.

BANQUO (*Terwyl hy na Macbeth kyk*) : So droombevange.

MACBETH (*Tersy*) : Wil die lot my koning maak,
Kan hy my kroon,
Of ek roer of nie.

BANQUO : Sy nuwe eer span orals,
Soos 'n nuwe kleed wat net na lang gebruik
Hom aanpas by jou lees.

MACBETH : Laat kom wat wil,
Geen hardste dag staan tyd of uur ooit stil.

BANQUO : Edele Macbeth, ons wag hier tot u diens.

MACBETH : Ekskuus ! My dowwe brein was net oorweldig
Deur lang vergete dinge. U verdienste,
My vriende, het ek geskryf waar ek elke dag
Dit blad vir blad kan lees. Kom, laat ons gaan
Na die Koning. Dink oor wat gebeur het, weeg
Dit goed intussen, en laat ons hart tot hart
Dit later met mekaar bespreek.

BANQUO : Uitstekend.

MACBETH : Genoeg, tot later. Kom nou, vriende.

Almal af.

TONEEL VIER: FORRES – DIE PALEIS

*Trompetgeskal. Duncan, Malcolm, Donalbain,
Lennox, en gevolg kom op.*

DUNCAN : Is die vonnis op Cawdor uitgevoer ? En hulle
Wat die opdrag had, is hulle terug ?

MALCOLM :

My heer,

Nee, nog nie t'rug nie. Maar ek het gepraat
Met een wat hom sien sterf het : Hy verklaar
Cawdor het openlik sy verraad bely,
U Hoogheid se vergiff'nis afgesmeek
Met diep berou : Niks in sy lewe het hy
So mooi gedoen as sterwe. Hy het heengegaan
Soos een wat vasberade in die dood
Sy allerdierbaarste besit afwerp
As 'n onbenulligheid.

DUNCAN :

Geen kuns kan ooit

Die siel van 'n mens lees op sy aangesig.
Hy was 'n man op wie se trou en eer
Ek geheel en al gebou het.

Macbeth, Banquo, Ross en Angus kom binne.

DUNCAN :

Waarde neef !

Die sonde van ondankbaarheid weeg nou
Nog swaar op my : maar u loop so ver vooruit
Dat dank en loon in snelste vlug te traag
Is om u in te haal. Was u verdienste
Maar minder, sou my woord en daad van dank
Nie klein vertoon het nie. Maar woorde faal :
U't meer verdien dan ons almal kan betaal.

MACBETH : Die diens en trou, verskuldig en voldaan,

Is loon genoeg. Dit kom U Hoogheid toe
Om ons dienste te ontvang. Ons pligte staan
Soos kinders en soos dienaars voor u troon,
En doen net wat hulle moet deur al's te doen
Wat eer en liefde verg.

DUNCAN :

Wees welkom hier :

Ek het u geplant en ek sal streef om u
Tot grootheid op te kweek. My ed'le Banquo,
Niks minder hoog – laat elkeen dit nou weet –
Skat ek u dienste. Laat my aan my hart
U druk en hou.

BANQUO : Waar ek in ryke bloei
Sal vrug dra net vir u.

DUNCAN : My baie vreugdes
Soek om hul dartele oordaad te bedek
In druppels droefheid. Seuns, verwante, Tane,
En u wat naaste aan ons staan, neem kennis :
Ons dra die erfreg van ons koningskap
Oor op ons oudste, Malcolm, wat voortaan
Word Prins van Cumberland. En vergesel
Van talle ander, sal sy ster van eer
Uit 'n firmament van adel skyn op almal
Wat dit verdien. Van hier na Inverness,
En bind ons vaster aan u hart.

MACBETH : My rus word arbeid as dit u nie dien nie.
Ek self sal die herout wees, en my vrou
Se oor verbly met die boodskap van u koms.
Mag'k gaan met u verlof.

DUNCAN : My ed'le Cawdor !

MACBETH (*Tersy*) : Die Prins van Cumberland ! Dit is 'n trap
Waar ek sal struikel want dis op my weg,
Tensy ek oorspring. Sterre, doof in swart
Jul vure, dat geen lig val in my donker hart.
Laat my oog my hand ontwyk ; maar laat dít wees,
Wat die oog, as dit gedaan is, sien en vrees.

Af.

DUNCAN : Ja, waarde Banquo, hy is so 'n dapper held,
Dat dit vir my 'n ryke feesmaal word
Om oor hom lof te spreek. Maar kom, ons volg
Waar hy vooruit reeds sorg vir ons ontvangs,
Hy, weergalose bloedverwant.

Trompetgeskal. Almal af.

TONEEL VYF: INVERNESS. MACBETH
SE KASTEEL

Vrou Macbeth kom op. Sy lees 'n brief.

VROU MACBETH: *Hulle het my tegemoet getree op die dag van my oorwinning: En ek het uit die betroubaarste bronne verneem dat hulle oor meer as menslike kennis beskik. Toe ek brand van begeerte om hulle nader te ondervra, het hulle hulself tot lug veryl en daarin verdwyn. Terwyl ek nog verruk voor hierdie wonder staan, het boodskappers van die Koning gekom en almal my begroet as „Taan van Cawdor”, die titel waarmee hierdie sieneresse kort tevore my begroet het, toe hulle na die toekoms heengewys het met „heil u, koning wat sal wees”. Ek het dit goed gedink om hierdie dinge aan jou, liefste deelgenoot van al my grootheid, te meld, sodat jy nie jou regmatige aandeel in die vreugde sal mis deur onkundig te wees van die grootheid wat aan jou beloof is nie. Bewaar dit in jou hart, en vaarwel.*

Glamis is jy, en Cawdor. Jy sal wees
Wat aan jou beloof is. Maar ek vrees jou hart,
Te vol van die milde melk van menslikheid
Om kortpad te kies. Groot, dit wil jy wees,
Eersug genoeg, maar jy mis die bose drif
Wat nodig is. Jy wens wat hoog is, sterk,
Maar wens dit heiliglik. Geen valse spel,
Maar jy wil tog vals oorwin. Groot Glamis, iets
Roep luid in jou : „Dit moet ek doen vir dit,”
Maar ook dat jy liefs in doodsangs dit wil doén
As dit ongedaan wil laat. Haas jou hierheen,
Dat ek in jou oor my drif en gees laat drup,
Dat die dapper sweepslag van my tong bestraf
Al wat jou t'rughou van die goud en kroon
Waarmee die lot en die geesteryk jou reeds
Skygbaar gekroon het.

Boodskapper op.

Wat se nuus bring jy?

BOODSKAPPER : Die Koning kom vannag hierheen.

VROU MACBETH : Jou dwaas!
 Jou meester is tog daar en sou bevel
 Tot die ontvangs gegee het as dit waar was.

BOODSKAPPER : Met u verlof, dis waar : Ons Taan is op weg;
Een van my maats het hom vooruit gesnel.
Uit-aseem, byna dood, kon hy nog net
Sy boodskap lewer.

VROU MACBETH : Versorg hom goed.
 Hy bring groot nuus.

Boodskapper af.

Tot selfs die kraai is hees, wat skor
Die noodlottige binnekoms van Duncan kras
Onder my kantele. Kom hierheen, julle geeste,
Wat moordgedagtes dien, ontvrou my hier,
En vul my boordevol van kroon tot toon
Met wreedheid gruwelik ! Verdik my bloed ;
Verstop elke weg en toegang tot berou,
Dat geen weekhartige stem van die natuur
My felle doelwit skok, geen vrede wil
En daad sal skei ! Kom aan my vroueborste
En drink my melk vir gal, julle moordtrawante,
Waar julle ook onsigbaar in jul wese
Natuur se boosheid dien. Kom, donker nag,
Bedek jou met die hel se rouswart rook.
Dat my skerp dolk nie die wond sien wat hy steek,
Of die hemel deur die donker dekkleed loer
En skreeu : „Wag ! Wag !”

Macbeth op.

Groot Glamis! Ed'le Cawdor!
En groter deur die alle-heil daarna!

Jou briewe het my ver bo die onkundige hede
Weggevoer, en ek vóórvoel reeds nou
Die toekoms in die oomblik.

MACBETH : Liefste vrou,
Duncan kom hier vannag.

VROU MACBETH : En bly hoe lank?

MACBETH : Tot môre, dis sy plan.

VROU MACBETH : Geen son se oog
Sal ooit dié môre sien !
My Taan, jou aanskyn is 'n boek, mens lees
Daar vreemde dinge. Bedrieg die tyd deur self
Hom na te boots. Verwelkom met jou oog,
Jou hand, jou tong : lyk nes die onskuldige blom,
Maar wees die slang daaronder. Vir hom wat kom,
Moet daar gesorg word. En jy sal hierdie nag
Se groot werk opdra aan my vinnige sorg,
Wat ons hele verdere lewe dag en nag
Sal bekleë met heerskappy en oppermag.

MACBETH : Ons sal . . . weer praat . . .

VROU MACBETH : Laat u voorkoms helder wees;
Die aartsverraaier van sukses is vrees.
Laat al die res aan my.

TONEEL SES: VOOR MACBETH SE KASTEEL

*Hobo's en fakkels. Duncan, Malcolm, Donalbain,
Banquo, Lennox, Macduff, Ross, Angus,
en gevolg tree op.*

DUNCAN : Hoe mooi geleë is die kasteel; die lug
Is fris en soet en tree met sagte streling
Ons sinne tegemoet.

BANQUO : Die somergas,
Die swael, wat graag by tempels woon, bewys
Deur lieflike bouwerk dat 'n hemelse geur
Van lug hom hierheen lok. Geen kroonlys, fries,
Pilaar, geen bruikbare hoek, of hierdie voël
Het daar sy hangbed en sy vrugb're wieg;
Waar hul die graagste woon en broei, weet ek
Die lug is vriend'lik.

Vrou Macbeth binne.

DUNCAN : A! ons edele gasvrou!
Die liefde wat ons volg, is soms ons las
Wat ons tóg met dank aanvaar. Daarmee bedoel ek,
Dat u God moet dank vir al die moeite
En liefde wat ons op u laai.

VROU MACBETH : Ons dienste,
In elke punt verdubbel en dubbel weer
Gedaan, is veels te arm om op te weeg
Teen eerbewyse, ryk en groot, waarmee
U Majesteit ons huis belaa. Vir ou
En nuwe eerbewyse kan ons maar
Soos kluis'naars bid vir u.

DUNCAN : Waar is die Taan
Van Cawdor? Ons het vinnig hom gevolg
En wou hom aanmeld, maar hy ry te goed;
Die spoorslag van sy liefde was te groot,
Toe kom hy eerste. Mooi en ed'le gasvrou,
Ons is vannag u gas.

VROU MACBETH : U dienaars hou
Hulself en al wat hulle besit, in bruikleen,
En gee op 'n wenk van U Hoogheid rekenskap,
En dit keer terug tot u.

DUNCAN : Gee my u hand,
En lei my na my gasheer wat ons diep
Bemin en altyd gunstig sal bejeën.
Vergun my, ed'le gasvrou.

Hobo's en fakkels. 'n Hofmeester en verskillende bediendes gaan met skottels en tafelgereedskap oor die toneel. Dan kom Macbeth binne.

MACBETH : Was dit gedaan as dit gedaan is, was dit goed
 Dat dit gou gedaan word. As hierdie sluipmoord ook
 Die gevolge in sy net kon bind en met
 Sý dood alles verder omsluit; as hierdie slag
 Die slotsom en die end van alles was,
 Kon ons op die vlak koraalbank van die tyd
 Die ewigheid verbyspring. Maar sulke sake
 Dien hier nog voor die gerig. Ons leer aan ander
 Die wet van bloed en straf, maar dit keer met krag
 Op ons terug. Die reg wat alles gelyk
 Afweeg, dwing ook die gifkelk wat ons meng,
 Na ons eie lippe. Hy staan onder dubbele trou :
 Eers is ek as bloedverwant en onderdaan
 Sterk teen die daad gekant; maar dan ook gasheer,
 Wat styf my deur teen sy moordenaar moet sluit,
 Nie self die dolk hanteer nie. Dié Duncan
 Het buitendien sy mag so mild beoefen,
 So suiwer in sy hoë amp, dat sy deugde
 Soos engele met trompette-tonge luid
 Sal pleit teen die diepe skanddaad van sy dood;
 En jammerte, as naak en pasgebore kind,
 Sal die storm bestyg, of hemelse gerubim
 Sal spring op onsigb're renbodes van die lug
 En hierdie daad se groot verskrikking waai
 In elke oog, dat die wind in smart verdrink.
 Geen spoorslag prik die flanke van my wil,
 Net stei'rende staatsug wat sy sprong misreken
 En oorkant val.

Vrou Macbeth op.

En toe?

VROU MACBETH : Hy's byna klaar
Geëet. Waarom het jy die saal verlaat?

MACBETH : Het hy verneem na my?

VROU MACBETH : Weet jy dit nie?

MACBETH : Ons sal niks verder gaan met hierdie saak nie.

Hy't pas my hoog vereer; en ek het 'n naam
Van goud verwerf by mense uit elke stand,
En dit wil ek in die glans van nuutheid dra,
Nie weggooi nou al nie.

VROU MACBETH : Was die hoop dan dronk
Waarin jy jou getooi het? Het hy toe geslaap?
En kyk hy, nugter wakker, nou groen en bleek
Na wat hy sterk begeer het? So bleek voortaan
Sal ek jou liefde skat. Is jy te bang
Om in jou daad so 'n dapper man te wees
Soos in jou drome? Kan jy dít begeer,
Wat jy as sieraad van die lewe sien,
En tog 'n lafaard leef in eie oë?
Soos die kat in die spreekwoord sterf van lus vir vis,
Maar bang is sy voete word nat?

MACBETH : Ek bid jou, swyg!
Ek het durf genoeg vir wat 'n man betaam;
Wie meer durf, is geen man nie.

VROU MACBETH : Watter bees
Het jou die plan aan my laat openbaar?
Toe jy dít durf doen het, tóe wat jy 'n man;
Om meer te word as wat jy was, moet jy
Ook soveel meer die man wees. Nòg tyd nòg plek
Was destyds goed, jy wou albei beskik;
Hulle het hulself geskik, maar hul gepastheid
Tref jóú nou ongeskik. Ek het gesoog
En ken die liefde vir die suigling aan
My bors, maar ek sou, terwyl hy oulik lag,
My tepel uit sy sagte tandvleis ruk

En sy brein verpletter, as ek deur 'n eed soos jy
Gebind was tot die daad.

MACBETH : As ons misluk?

VROU MACBETH : Misluk ! Skroef op jou moed tot die vaste kerf
En ons sal nie misluk nie. As Duncan slaap –
Na die dag se harde reis sal hy wegsink
In die diepste slaap – sal ek albei sy dienaars
Met wyn en kruiebier so goed bewerk
Dat herinnering, die wagter van die brein,
'n Damp sal word, en die setel van die rede
'n Stokerskolf. Wanneer hulle dan soos varke,
Te dik gesuip, wegsak in dooie slaap,
Dink wat kan jy en ek nie alles aanvang
Met die onbewaakte Duncan? En wát met sy
Besope dienaars wat die skuld sal dra
Van ons gewelddaad.

MACBETH : Net manskinders moet
Jy baar. Jou gees se onverskrokke kragstof
Mag net manne vorm. As ons die twee
Bewakers van sy kamer smeer met bloed,
En selfs hul dolke gebruik, wie sal dan nog
Hul skuld betwyfel?

VROU MACBETH : Wie durf anders dink,
As ons ons smart en jammerklagte luid
Uitgalm oor sy dood?

MACBETH : Nou goed. Dan span
Ek al my kragte tot die gruweldaad.
Kom, laat ons die tyd se skoonste skouspel stig :
'n Vals hart veilig onder 'n vals gesig.

Almal af.

TWEEDE BEDRYF

TONEEL EEN: BINNEHOF VAN MACBETH
SE KASTEEL

Banquo en Fleance op, laasgenoemde met 'n fakkel.

BANQUO : Hoe laat in die nag is dit, seun?

FLEANCE : Die maan is onder; ek het geen klok hoor slaan nie.

BANQUO : Dit gaan om twaalfuur onder.

FLEANCE : Ek dink dis later.

BANQUO : Hier, neem my swaard. Die hemel wil besuinig :

Hul kerse is almal uit. Hier, neem dit ook.

'n Loomheid druk so swaar soos lood op my,

En tog sou ek nie wil slaap nie. Goeie geeste,

Bedwing in my die vervloekte gedagtes wat

Soms opduik in ons rus.

Macbeth, en 'n diensbode met 'n fakkel op.

Gee my my swaard.

Wie's daar?

MACBETH : 'n Vriend.

BANQUO : Wat, Heer, u rus nog nie? Die Koning slaap.

Hy het veel vreugde ondervind, en u

Bediendes ryk begiftig met geskenke.

Hy groet met hierdie diamant u vrou

As allerliefste gasvrou. Hy't mateloos

Verheug gaan rus.

MACBETH : Ons wil, wat anders vry

Sy werk verrig, moes hier onvoorbereid

Diens doen by veel wat fout was.

BANQUO : Niks was fout nie.
Ek het laasnag van die drie sieneresse gedroom.
Vir u het hulle waar voorspel.

MACBETH : Dis reeds vergeet.
Maar as ons 'n uur kan vrymaak tot ons diens,
Kan ons gerus dit wy aan daardie saak,
As u die tyd wil afstaan.

BANQUO : Met groot genoeë.

MACBETH : As u my steun in wat sou kan gebeur,
Sal ek u met eer beloon.

BANQUO : Mits ek geen eer
Verspeel om eer te wen, mits ek my siel
En trou kan vlekkeloos bewaar, sal ek graag
U raad verneem.

MACBETH : Intussen, goeienag!

BANQUO : Dank, Heer, vir u dieselfde.

Banquo en Fleance af.

MACBETH : Loop vra jou meesteres om die klok te slaan
Wanneer my drank gereed is. Gaan dan slaap.

Bediende af.

Is dit 'n dolk wat ek hier voor my sien,
Die hef hier na my hand? Laat my dit gryp.
Ek het jou nie, tog sien ek jou nog steeds.
Is jy, noodlottige beeld, nie vatbaar vir
Die hand soos vir die oog? Of is jy maar
'n Steekdolk van die gees, 'n vals verdigsel
Wat opstaan uit die koors-verhitte brein?
Ek sien jou nog, so tasbaar vas gevorm,
Soos dié een wat ek nou trek.
Jy voer my op die weg wat ek gevolg het;
En só 'n werktuig was my toegewys.
My oë word die sot van al my sinne,
Of dalk meer werd as almal saam. Ek sien

Jou nog, jou hef en lem vol spatsels bloed,
Wat vroeër nie daar was nie. Dit bestaan nie.
Dis net die bloedige plan wat nou verdig
Tot vorm hier voor my oog. Een wêreldhelfte
Slaap nou doodvas, maar bese drome dring
Deur die valgordyn van slaap; en towery
Wy offers aan Hékate; en brandmaer moord,
Gewaarsku deur sy wag, die wolf, wat huil
Om die wagbeurt aan te dui, sluip steelsgewys
En spook-stil na sy doel met die skendige stap
Van Tarquinius. U, aarde, vas, onwrikbaar,
Moenie die waarheen van my voetstap hoor nie,
Uit vrees dat u stene self my gang verrai,
En hierdie tyd beroof van die verskrikking
Wat by hom pas. Ek dreig, maar hý leef voort.
Ons woorde waai ons dade koud en dood.

'n Klok lui.

Ek gaan, en dis gedaan; die kloktong roep . . .
Moenie dit hoor nie, Duncan, dis die bel
Wat jou oproep na die hemel of die hel.

TONEEL TWEE: DIESELFDE

Vrou Macbeth kom binne.

VROU MACBETH : Wat hulle dronk gemaak het, staal my moed;
Wat hulle geblus het, laat my vlam vat. Hoor!
Net 'n uil wat skreeu, die belman van die dood,
Wat die gedugste naggroet gee. Hy's besig.
Die deure staan oop; en die versatte dienaars
Lê snorkdronk op die wag. Ek het hul wyn
Gekrui; nou twis die dood en die natuur
Aan wie van hulle die twee behoort.

Macbeth agter die skerm.

MACBETH :

Wie's daar?

VROU MACBETH: Helaas, ek vrees hulle 't wakker geword nog voor
Die daad. Die poging, méér as die daad, kan ons
Verdoem. Hoor! Ek het die dolke gereed gelê;
Hy moés hulle sien. As hy in sy slaap nie so
Gelyk het op my vader, sou ek self . . .

Macbeth op.

My man!

MACBETH : Ek het die daad gedoen. Het jy niks gehoor nie?

VROU MACBETH : Niks as die uil se skreeu en getjir van krieke.
Het jy nie gepraat nie?

MACBETH :

Wanneer?

VROU MACBETH :

Nou.

MACBETH :

Toe ek afkom?

VROU MACBETH : Ja.

MACBETH : Hoor!

Wie slaap in die tweede kamer?

VROU MACBETH :

Donalbain.

MACBETH (*Terwyl hy na sy hande kyk*) : Dit is 'n vreeslike gesig.

VROU MACBETH: 'n Dwase ding om te praat van „vreeslike gesig”.

MACBETH : Een het in sy slaap gelag, en een skreeu : „Moord!”

Albei het wakker geskrik. Ek het stil geluister;

Maar hulle het gebid, en toe die slaap

Weer opgesoek.

VROU MACBETH :

Daar was twee in daardie kamer.

MACBETH : Die een roep : „God, seën ons,” die ander : „Amen,”

Asof hul die beulshande aan my gesien het.

Ek hoor hul vrees, maar kon geen „amen” sê,

Toe hulle smeek : „God seën ons.”

VROU MACBETH : Moenie dit so diep bepeins nie.

MACBETH : Maar waarom kon ek dan geen „amen” sê nie?

Ek het die meeste gesmag na seën; my „amen”

Het in my keel bly steek.

VROU MACBETH : Mens moet dié dade

Nie so oordink nie; dit sal tot waansin dryf.

MACBETH : Ek dag ek hoor 'n stem roep „Slaap nooit weer nie !

Macbeth vermoor die slaap” – die slaap van onskuld,

Wat die vloksy-warnet van die sorg ontrafel,

Daglewe se dood, 'n bad vir lyfseer arbeid,

Vir die gees 'n balsem, op groot natuur se feesmaal

Die tweede en hoofgereg, –

VROU MACBETH :

Wat bedoel jy tog?

MACBETH : Deur die ganse huis die roepstem :

„Slaap nooit weer nie :

Glamis het die slaap vermoor, en dus sal Cawdor

Nooit weer slaap nie; Macbeth sal nooit weer slaap nie.”

VROU MACBETH : Wie was dit wat so geroep het? My waarde

Taan,

Jy verslap jou ed'le krag deur geestelik siek

Die dinge te oordink. Gaan haal net water

En was die vuil getuienis van jou hand.

Waarom het jy die dolke saamgebring?

Hulle moet daar bly. Neem hulle t'rug en smeer

Die slapende wagte met bloed.

MACBETH : Ek gaan nie weer nie !

Ek sidder by die gedagte aan my daad

En durf dit nie weer aanskou nie.

VROU MACBETH : Onvaste wil !

Gee my die dolke. Die slapende en die dooie

Is maar soos prente. Dis die kind se oog

Wat 'n geskilderde duiwel vrees. As hy
Nog bloei, sal ek die wagte se gesigte verf,
Want hulle moet skuldig lyk.

Vrou Macbeth af. Geklop binne.

MACBETH : Van waar die geklop?
Wat is dit met my, dat ek skrik by elke geluid?
Wat se hande is dit? Hulle krap my oë uit!
Kan al Neptunus se waters weer my hand
Skoon was van bloed? Nee, hierdie hand sal eer
Die oneindige oseaan karmynrooi kleur,
Wat blou was, ene bloed.

Vrou Macbeth terug.

VROU MACBETH : My hande is nou, soos jou, rooi : maar ek sou
My skaam, was my hart, soos jou, bleek . . .

Geklop binne.

Geklop
Aan die suiderpoort. Kom ons gaan kamer toe.
'n Bietjie water was die daad van ons af.
Hoe maklik is dit dan? Jou vaste moed
Het jou alleen gelaat.

Geklop binne.

Hoor. Nog geklop.
Trek aan jou nagkleed; as hulle ons dan roep,
Weet niemand ons was wakker. Moenie so
Versuf staan in gedagtes nie.

MACBETH : Om my daad te ken, moet ek liefs myself nie ken nie.

Geklop binne.

Klop, klop Duncan wakker ! Ek wens julle kon.

Af.

'n Portier kom in.

PORTIER : Hier's vir jou 'n geklop ! As mens portier van die hel was, sou jy jou ou maai af sleutel draai. (*Geklop binne*) Klop, klop, klop ! Wie's daar in die naam van Beëlsebul ? Hier's 'n boer, wat homself gehang het aan die vooruitsig op 'n goeie oes. Kom betyds ; bring genoeg sakdoeke saam ; hier sal jy sweet vir 'n vale. (*Geklop binne*) Klop ! Klop ! Wie's daar ; in die naam van die ander duiwel ? Hier's wragtag 'n dubbelpater wat meened gooi in elke skaal tot albei skale eenders weeg ; wat oorgenoeg verraad in die naam van God gepleeg het, maar nie homself kon dubbelpreek na die hemel nie. Ag, kom maar binne, dubbelpater. (*Geklop binne*) Klop, klop, klop ! Wie's daar ? So wragtie 'n Engelse snyder, wat by die knip van 'n nou Franse broek nog stof kon steel vir homself. Kom binne, snyder ; hier kan jy jou parsyster, wat lyk soos 'n gans, kom braai. (*Geklop binne*) Klop, klop ; nooit 'n oomblik stilte ! Wie's daar ? Maar hierdie plek is te koud om die hel te wees. Ek is nou moeg vir dié hel-portierdery. Ek was van plan om 'n paar van ál die beroepe binne te laat, wat die rosep pad bewandel na die ewige vreugdevuur. (*Geklop binne*) Ja, ja, ek kom. Dink aan die portier, asseblief.

Hy maak die poort oop.

Macduff en Lennox op.

MACDUFF : Was dit so laat, vriend, voor jy bed toe gaan
Dat jy so laat nog slaap ?

PORTIER : Ja, Heer, ons het gefuif tot die tweede hoenderkraai.

MACDUFF : Jou meester, is hy al op ?

Macbeth op.

Ons klop het hom gewek ; hier kom hy al.

LENNOX : Goei'môre, ed'le heer.

MACBETH : Goei'môre, albei.

MACDUFF : Is die Koning wakker, waarde Taan ?

MACBETH : Nog nie.

MACDUFF : Hy het my gevra om betyds my aan te meld;
Ek is byna laat.

MACBETH : Ek sal u na hom toe neem.

MACDUFF : Ek weet dis moeite wat u met vreugde doen,
Maar nogtans moeite.

MACBETH : Ons vreugde in die arbeid genees die pyn.
Dit is sy deur.

MACDUFF : Ek sal hom dan maar wek,
Dis my bepaalde opdrag.

Af.

LENNOX : Vertrek die Koning vandag?

MACBETH : Jawel, hy't so besluit.

LENNOX : Dit was 'n onstuimige nag. Waar ons geslaap het,
Is ons skoorstene afgewaai; ons hoor daar was
Geweeklaag in die lug, vreemde doodskrete,
Voorspellings in angstig beklemmende toon
Van vreeslike oproer en verwarring, nuut
Gebore uit hierdie aaklige tyd. Die naguil
Het dwarsdeur die nag gekreeu. Hulle sê ons aarde
Het siek van koors geril en ruk.

MACBETH: 'n Ruwe nag.

LENNOX : My jong geheue kan geen gelyke vind
Van hierdie nag.

Macduff weer op.

MACDUFF : O gruwel, gruwel, gruwel ! Geen tong of hart
Kan jou begryp of noem.

MACBETH : } Wat, wat is dit?
LENNOX : }

MACDUFF : Verwarring het nou sy meesterstuk voltooi!
Die mees onheilige moord het nou in Gods
Gesalfde tempel ingebreek, en daar
Die lewe weggeroof.

MACBETH : Wat sê u? Lewe?

LENNOX : Bedoel u Sy Majesteit?

MACDUFF : Tree self daar binne, 'n nuwe Gorgo sal
Jul oog verblind. Vra my nie om te praat nie,
Gaan kyk, en praat dan self.

Macbeth en Lennox af.

Ontwaak! Ontwaak!
En lui die noodklok! Moord en hoogverraad!
Banquo en Donalbain! Malcolm! Ontwaak!
Skud af die dons van slaap, vals beeld van die dood,
En sien die dood self hier. Op, op, en kyk
Na 'n beeld van die oordeelsdag! Malcolm! Banquo!
Staan op, soos uit die graf, en dwaal soos geeste
Om hierdie grusaamheid. Lui, lui die klok!

Die klok lui.

Vrou Macbeth op.

VROU MACBETH : Wat gaan hier aan,
Dat so 'n afskuw'like trompet die huis
Se slapers saamroep? Praat.

MACDUFF : Sagmoedige vrou,
Wat ék kan spreek, is nie vir u bedoel nie.
My woord sou met sy val in 'n vrou se oor
'n Nuwe moord begaan.

Banquo op.

O Banquo, Banquo,
Ons heer en meester is vermoor!

VROU MACBETH : Helaas!
Wat, in ons huis?

BANQUO : Afskuwelik, waar dan ook !
My liewe Duff, ek bid jou, weerspreek jouself,
En sê dit is nie waar nie.

Macbeth en Lennox weer op, met Ross.

MACBETH : Het ék maar 'n uur voor hierdie ramp gesterf,
Dan het ek salig geleef. Van nou af aan
Is niks vir 'n sterfling meer die moeite werd nie.
Dis alles speelgoed. Roem en deug is dood;
Die wyn van die lewe is afgetrek, en ál
Wat die kelder mee kan spog, is moer.

Malcolm en Donalbain op.

DONALBAIN : Is iets verkeerd?

MACBETH : Met u, en u weet dit nie.
Die fontein, die oog, die oorsprong van u bloed
Is nou verstop, die oerbron toegestop.

MACDUFF : U vader, die Koning, is vermoor.

MALCOLM : Deur wie?

LENNOX : Dit lyk sy kamerdienslaars het dit gedoen;
Hulle het bloedmerke aan gesig en hande,
Ook aan hul dolke, wat nog ongewas
Gevind is op hul kussings.
Hulle het gestaar, verbysterd; geen mens moes
Sy lewe aan hulle toevertrou het nie.

MACBETH : Hoe spyt dit my nou dat ek in my woede
Hulle doodgesteek het.

MACDUFF : Waarom hét u dan?

MACBETH : Wie kan nou wys, verstom, bedaad en woedend,
Afsydig en trou gelyk wees? Niemand nie.
Die vaart van vurige liefde het my rede
Se aarseling verbygestreef. Hier vóór my Duncan,
Sy silwergrys gestreep met goue bloed,

Sy gapende wonde 'n bres in die natuur
Vir die inval van verwoesting. Dáár, sy moord'naars,
Geklee in die kleure van hul vak, hul dolke
So skaamteloos gestee in rooi. Wie sou,
Met liefde in sy hart, en moed om dit
Te toon, homself bedwing het?

VROU MACBETH : Help my weg, O !

MACDUFF : Sorg vir die gasvrou.

MALCOLM (*Tersy tot Donalbain*) : Waarom swyg óns stil,
Wat meeste by hierdie twis betrokke is?

DONALBAIN (*Tersy tot Malcolm*) : Wat kan nog hier gepraat
word, waar ons lot
In die gat van 'n dolkpunt skuil, en uit kan storm,
En ons kan tref. Kom, ons moet weg.
Ons trane is nog ongebru.

MALCOLM (*Tersy tot Donalbain*) : En ons groot smart
Nog sonder gis of drif.

BANQUO : Sorg vir ons gasvrou.

Vrou Macbeth word uitgedra.

En as ons naakte swakheid, wat in die oop
Lug sou verklum, bedek is, laat ons dan
Ontmoet en die bloedige besigheid bespreek
Om meer te weet. Vrees en bedenkinge skud ons.
Ek staan in die magtige holte van Gods hand.
Van daar sal ek veg teen die slu bedekte plan
Van swart verraad.

MACDUFF : En só ook ek.

ALMAL : So almal.

MACBETH : Laat ons as manne gou ons voorberei
En saam in die saal vergader.

ALMAL : Ja, dis goed.

Almal af, behalwe Malcolm en Donalbain.

MALCOLM : Wat gaan jy doen? Laat ons nie met hulle meng nie.
Vertoon van ongevoelde smart is 'n plig
Wat die valsaard goed vervul. Ek gaan na Engeland.

DONALBAIN : Na Ierland, ek. In skeiding van ons lot
Leef albei veiliger. Waar ons nóú is,
Skuil dolke in elke glimlag, hoe nader in bloed,
Hoe eerder bloedig.

MALCOLM : Die moordpyl wat geskiet is,
Het nog nié geval nie. Dis veiliger vir ons
Om die mikpunt te vermy. Kom, gou te perd,
En laat ons nie beleefderig afskeid neem nie
Maar steels verdwyn. 'n Dief die steel met reg
Homself, as hy sien daar is geen ander weg.

Almal af.

TONEEL VIER: BUIITE MACBETH
SE KASTEEL

Ross en 'n ou man op.

OU MAN : My ou geheuge gaan terug sewentig jaar,
En in die tyd het ek al bittere ure
En snaakse goeters beleef. Maar hierdie nag
Se swaar spot met dit alles.

ROSS : Ja, ou Vader,
U sien, die hemel, deur 'n mensedaad verstoer,
Dreig nou met 'n bloedtoneel. Die uur is dag,
Maar dik nag smoor en doof die hemellamp.
Is die nag se oorwig swaar of die dag so skaam
Dat graf-dig donker die gesig van die aarde dek
Wat die lewende lig moet soen?

OU MAN : Dis teen natuur,
Nes daardie ding van die moord . . . Passere Dinsdag
Is 'n valk op die trotse spitspunt van sy vlug
Deur 'n muisvreter-uil gepak en doodgepik.

ross : Duncan se perde – vreemd, en tog dis waar –
Die vinnige, mooi spogdiere van hul ras,
Het dol geword en uit hul stalle gebars,
Gehoorsaamheid vertrap, asof hul teen
Die mens wou oorlog maak.

OU MAN : Mekaar gevreet,
Hoor ek.

ROSS : Dis waar, en my ontstelde oë
Het dit aanskou. Hier kom die goeie Macduff.

Macduff op.

Hoe staan die wêreld nou?

MACDUFF : U sien tog self.

ROSS : Weet hulle wie het die bloedige daad gedoen?

MACDUFF : Dié wat geval het voor Macbeth.

ROSS : Helaas !
Wat kon hulle daarby wen?

MACDUFF : Hulle is omgekoop.
Malcolm en Donalbain, die Koning se seuns,
Het weggeglip, gevlug sodat verdenking
Nou rus op hulle twee.

ROSS : Ook teen die natuur !
Kwistige staatsug wat jou eie leeftog
Vroeg verslind ! Dan is die waarskynlikste
Dat nou die koningskap val op Macbeth.

MACDUFF : Hy's reeds benoem en weg na Scone om daar
Gekroon te word.

ROSS : En waar is Duncan se liggaam?

MACDUFF : Vervoer na Colmekill,
Die heilige grafgewelf wat die gebeente
Van sy voorgangers bewaak.

ROSS : Gaan u na Scone?

MACDUFF : Nee, vriend, ek gaan na Fife.

ROSS : Wel, ék sal gaan.

MACDUFF : Ek hoop wat u daar sien, wek u vertroue,
Dat die nuwe kleed so lekker sit soos die oue.

ROSS : Vaarwel, Vader.

OU MAN : Mag God se segen u en almal raak
Wat kwaad tot goed, en vyand tot vrind wil maak.

Af.

DERDE BEDRYF

TONEEL EEN: FORRES—DIE PALEIS

Banquo op.

BANQUO : U het nou alles ! Koning, Cawdor, Glamis,
Wat die sieneresse u beloof het. Ek vrees
U het vuil gespeel daarvoor. Tog is voorspel
U sou dit nie oordra op u nageslag nie,
Maar dat ek self die wortel en stam sou word
Van baie konings. As dit bewaarheid word –
Hul woord het glansryk waar in u geword,
Macbeth – dan kan deur reeds gestaafde waarheid
Hulle net so wel die orakels wees wat my
In hoop laat leef. Maar stil ! Geen verder woord.

*Trompetgeskal. Macbeth op as koning,
Vrou Macbeth as koningin, Lennox, Ross, Edelmanne,
Edelvroue, en gevolg.*

MACBETH : Hier's ons hoofgas.

VROU MACBETH : As hy vergeet gebly het,
Sou dit 'n leemte in ons groot fees gewees het,
En heeltemal onvergeeflik.

MACBETH : Vanaand hou ons 'n formele feesmaal, Heer,
En ons wens dat u dit bywoon.

BANQUO : Hoogheid, u
Kan vry oor my beskik. My pligte is
Aan u met onverbreekbare band gebind
Vir alle tyd.

MACBETH : Ry u vanmiddag nog?

BANQUO : Jawel, my goeie heer.

MACBETH : Ons sou anders graag u goeie raad, wat steeds
Deurdag en insiggewend is, wou hê.
By hierdie sitting; maar more is ook tyd.
Ry u nog ver?

BANQUO : 'n Afstand wat die tyd
Sal vul tussen nou en die fees. Tensy my perd
Homself oortref, sal ek 'n donker uur
Of twee by die nag moet leen.

MACBETH : Onthou ons fees.

BANQUO : My Heer, dít sal ek.

MACBETH : Ons hoor ons bloedskuldige neefs skuil nou
In Engeland en in Ierland, en hulle ontken
Die wrede vadermoord, en vul alle ore
Met vreemde versinsels. Daaroor praat ons more,
As bowendien nog ander staatsbelange
Ons aandag verg. Gou, in die saal, tot siens
Tot u t'rugkeer vanaand. Ry Fleance saam?

BANQUO : Jawel, my Heer. Ons tyd word bietjie kort.

MACBETH : Ek hoop u perde is vlug en vas op hul pote,
En vertrou u aan hul rûe toe. Vaarwel.

Banquo af.

MACBETH : Laat elkeen soos hy wil sy tyd gebruik
Tot sewe-uur. Ons sal onself onttrek
Tot dan, maar daarna sal verkeer met u
Ons nóg meer welkom wees. God seën u almal !

Almal af behalwe Macbeth en sy dienaar.

Kom hier, seun, sê, staan daardie manne klaar
En tot ons diens?

DIENAAR : Hulle wag, my Heer, hier voor die paleis se poort.

MACBETH : Bring hulle hier.

Dienaar af.

Om dít te wees, is niks;
 Maar om veilig dít te wees. – Ons vrees vir Banquo
 Steek diep; en in sy koninklike aard
 Heers iets, wat vrees afdwing. Daar's durf in hom.
 En bý sy onverskrokke gees besit
 Hy wysheid wat sy moed ook veilig stuur
 By wat hy doen. Hy's die één man wat ek vrees,
 Iets in sy wese. Die genius van my siel
 Deins voor hom t'rug, soos dié van Antonius
 Eenkeer voor Caesar. Hy't die sieneresse,
 Toe hulle my koning noem, vermaan, gebied
 Om oor hom te spreek. Hulle het profeties hom
 Begroet as vader van 'n koningshuis.
 Op my hoof plaas hulle 'n onvrugbare kroon,
 In my greep 'n dorre septer, wat reeds vroeg,
 Nog vóór 'n kind van my kan opvolg, uit
 My hand gewring word deur 'n vreemdeling.
 As dit so is, het ek vir Banquo se kroos
 My siel bevlek, die ed'le Duncan vermoor,
 Vir hulle wrok gemeng in die beker van
 My vrede, en my onsterflike juweel
 Verkwansel aan die vyand van die mens
 Om hulle, die saad van Banquo, konings te maak!
 Voor dít gebeur, daag ek die noodlot uit
 Vir 'n laaste tweegeveg tot die dood! Wie's daar?

Dienaar weer binne met twee moordenaars.

Gaan staan voor die deur, en bly daar tot ons roep.

Dienaar af.

Dit was mos gister wat ons saam gepraat het?

EERSTE MOORDENAAR : Ja, gister, Koninklike Hoogheid.

MACBETH :

Wel,

Het julle oor wat ek gesê het, nagedink,
 Dat dit hý was wat julle voorheen so
 Onderdruk het, dat ek in my onskuld al
 Die skuld moes dra. Dit het ek reeds bewys

In ons gesprek en dit punt vir punt gestaaf,
Hoe julle behandel, gedwarsboom is, die middels,
Wie dit gebruik het – alles saam, dat selfs
'n Halwe siel of 'n verdwaasde brein
Sou sê : „Dis Banquo se skuld.”

EERSTE MOORDENAAR :

U het ons vertel.

MACBETH : Dit hét ek, maar nog meer, en dis nou die doel
Van ons tweede gesprek. Vind julle geduldigheid
So 'n grondtrek van jul wese dat julle alles
Maar laat gebeur? Is julle so Christelik week
Om te bid vir die goeie man en vir sy kroos,
Wat julle swaar afgebuig het na die graf,
Jul kinders, bed'laars?

EERSTE MOORDENAAR :

Ons is manne, Heer.

MACBETH : Ja, in die naamlys gaan julle deur vir manne,
Soos jaghond, skoothond, windhond, waterhond,
Mops, brak, en baster-wolf, en baster-alles,
Platweg genoem word „hond”. Maar die waardelys
Skei hulle in soorte wat vinnig, stadig, slim is,
Die huisbewaker, jagter, volgens die aard
Waarmee natuur se rykdom hulle bedeel het,
En gee aan elke soort 'n eie naam,
Waardeur hy dan apart staan van die lys
Wat almal eenders noem. So ook met manne.
As julle 'n plek het in die ererol,
En nie maar net gewoon mansmense is nie,
Spreek nou. Dan gee 'k aan moed en durf 'n taak,
Wat, uitgevoer, jul vyand sal vernietig
En julle in liefde vasklem aan my hart.
Want ek dra my welstand siek so lank hy leef,
Volmaak gesond sodra hy sterf.

TWEDE MOORDENAAR :

My Heer,

Ek is 'n man. Die tyd het my al so getrap
En skop dat ek roek'loos enige daad sal doen
Om die tyd in sy gesig te klap.

EERSTE MOORDENAAR : Ek ok,
So sat van swaarkry, deur onkans in die bek
Geruk, sou alles waag om hierdie lewe
Te verbeter of verbeur.

MACBETH : Julle albei
Weet : Banquo was jul vyand.

ALBEI MOORDENAARS : Ja, my Heer.

MACBETH : My vyand ook, so bloedig naby dat
Elke oomblik sy bestaan 'n doodsteek is
Na die slagaar van my lewe. Hoewel ek hom
Met oop visier en krag kan wegvee voor
My oog, bloot op die grond dat ek dit wil,
Moet 'k dit vermy. Daar's vriende van ons albei
Wat ek moet vriende hou, wat oor sy val
Sou treur as ek hom tref. So is dit dan
Dat ek vry na jul hulp om voor die oog
Van die groot publiek om baie gewigtige redes
Die saak te kan bewimpel.

TWEEDE MOORDENAAR : My Heer, ons sal
Uitvoer wat u beveel.

EERSTE MOORDENAAR : Hoewel ons lewens . . .

MACBETH : Die moed straal uit jul oë. Binne 'n uur
Sal ek laat weet waar julle moet stelling inneem,
Hoe julle die regte tyd moet kies, presies
Die regte tydstip. Dit moet vannag gebeur
'n Ent van die paleis af. Maar onthou,
Geen skyn van skuld op my. Jul handewerk
Moet skoon en sonder los lapplekke wees;
Dus moet sy seun, Fleance, wat hom vergesel,
En wie se afwesigheid vir my net so
Swaar weeg as syne, met hom die noodlot deel
Van daardie donker uur. Besluit apart.
Ek is netnou t'rug.

ALBEI MOORDENAARS : My Heer, ons hét besluit.

MACBETH : Ek kom onmiddellik ; loop wag daarbinne.

Moordenaars af.

Dis klaar. Banquo, as daar 'n hemel wag
Op jou siel se vlug, sal hy dit vind vannag.

TONEEL TWEE : DIE PALEIS

Vrou Macbeth op, met dienaar.

VROU MACBETH : Het Banquo die hof verlaat?

DIENAAR : Ja, Meesteres, maar hy kom vannag terug.

VROU MACBETH : Sê aan die Koning, as hy vry is, wil ek
Hom kortliks spreek.

DIENAAR : Ek sal.

Dienaar af.

VROU MACBETH : Dis duurkoop, dít,
As ons nie ons wins in vrede kan besit.
Dis veiliger om te wees wat ons verderf
As mét sy val onseker geluk te erf.

Macbeth op.

Hoe nou, my Heer, waarom loop u alleen,
Gelei deur sombere verbeeldings en
Gedagtes, wat moes gesterf het saam met hom
Om wie dit gaan. Wat ons nie kan genees nie,
Moet ons vergeet; wat gedaan is, is gedaan.

MACBETH : Ons het die slang gewond, nie doodgemaak nie;
Hy sal herstel, sodat ons arme boosheid
Weer staan voor die vroeëre skerpheid van sy tand.
Laat eerder die samestel van dinge breek
En aarde en hemel in ontbinding gaan,
As dat ons vrees met elke maaltyd eet,

En slaap in die besoeking van nare drome
Elke nag. Ek lê liewers by die dooie
Wat ons, dat óns kan rus, in die ewige rus
Gestuur het, dan op 'n pynbank van die gees
In gedurige angs. Duncan is in sy graf.
Na die rukk'rige koors van die lewe slaap hy vas.
Verraad het sy ergste gedaan : Nòg staal, nòg gif,
Nòg burgerstryd, nòg vreemde inval, niks
Kan hom meer raak nie.

VROU MACBETH : Kom, my ed'le Heer,
Stryk glad en sag u nors geplooië gelaat,
Wees vrolik en jolig voor u gaste vanaand.

MACBETH : Dit sal ek, liewe vrou; doen jy dieselfde.
En gee veral aan Banquo baie aandag;
Laat oog en tong sy voortreflikheid verklaar.
Terwyl ons nog onveilig voel, moet ons
Onwaardig baai in die stroom van vleierey
En ons gesig dra as visier wat die hart
Se gedagtes bedek.

VROU MACBETH : Vergeet tog daardie dinge.

MACBETH : My gedagtes steek soos skerpioene, vrou!
Jy weet dat Banquo en sy Fleance nog leef.

VROU MACBETH : As sterflike beelde van natuur en tyd.

MACBETH : Daar is, ja, troos in hul verwondbaarheid.
Kom, wees dan vrolik. Voor die vlermuis nog
Sy kris-kras vlugte staak, voor op bevel
Van die Naggodin die tor, op dubbele skild
Gedra, sy dreunende slaapplied soem, word daar
'n Doem-swart daad gedoen.

VROU MACBETH : Wat word gedoen?

MACBETH : Wees vry van skuld en kennis, my liefste kind,
Tot jy die daad self loof. Kom, blinder, nag,
Blinddoek die teer oog van die jammer dag.

Wis uit en skeur met onsig'bre hand
 Maar bloedig daardie groot lotsverband
 Wat my laat skrik. Die lig verdig tot donker.
 Die kraai rig nou sy vlug na die rookswart woud,
 Die dag se goeie dinge droom en druipe,
 Wyl nag se swart handlangers hul prooi bekruip.
 Jy vind my woorde vreemd; maar weet, voor jy praat,
 Wat sleg begin, word sterk deur kwaad op kwaad.
 Ek vra jou dus om my te volg.

Af.

TONEEL DRIE: 'N PARK MET 'N HEK NA
 DIE PALEIS

Drie moordenaars op.

EERSTE MOORDENAAR: Maar wie het jou na ons gestuur?

DERDE MOORDENAAR: Macbeth.

TWEEDE MOORDENAAR: Ons hoef hom nie te wantrou nie, want hy
 Vertel net wat ons pligte is, en hoe
 Om dit uit te voer.

EERSTE MOORDENAAR: Nou goed, staan hier by ons.
 Daar smoor nog spatsels dag aan die westekant.
 Die laat reisiger spoor sy perd nou aan
 Na tydige nagverblyf. Al nader kom
 Die doel waarop ons wag.

DERDE MOORDENAAR: Stil! Ek hoor perde.

BANQUO: (*Binne.*)

Bring ons die lig hier, haai!

TWEEDE MOORDENAAR: Dis hy. Die res
 Van hulle wat sou gekom het na die fees,
 Is reeds aan die hof.

EERSTE MOORDENAAR: Sy perde loop 'n ompad.

DERDE MOORDENAAR : Byna 'n myl. Hy doen dit mos gewoonlik,
Ook ál die ander; hulle stap van hier
Na die paleispoort.

TWEEDE MOORDENAAR : Lig, 'n lig!

Banquo en Fleance op met 'n fakkel.

DERDE MOORDENAAR : Dis hy.

EERSTE MOORDENAAR : Staan klaar.

BANQUO : Dit gaan nog reën vannag.

EERSTE MOORDENAAR : Laat dit nóú reën.

Hulle val Banquo aan.

BANQUO : Verraad! Vlug, my Fleance, vlug, vlug, want jy
Kan my nog wreek. Jou skurk!

Hy sterf. Fleance ontvlug.

DERDE MOORDENAAR : Wie 't die lig doodgeslaan?

EERSTE MOORDENAAR : Was dit verkeerd?

DERDE MOORDENAAR : Net een lê plat; die seun is weg.

TWEEDE MOORDENAAR : Ons het
Die beste helfte van ons saak verloor.

EERSTE MOORDENAAR : Wel, kom ons loop, en sê hoeveel gedaan is.

Af.

TONEEL VIER: SAAL IN DIE PALEIS

*'n Feesmaal. Macbeth, Vrou Macbeth, Ross,
Lennox, edelliede en dienaars.*

MACBETH : U ken u range, neem plaas, en wees veral
Hier hartlik welkom.

EDELLIEDE : Dank u, Majesteit.

MACBETH : Onself sal as gasheer need'rig onder u
Verkeer; ons gasvrou hou haar staatsiesetel;
Ons wil dat sy u later welkom heet.

VROU MACBETH : Spreek ú dit vír my, Heer, tot al die vriende;
My hart bied almal 'n welkomsgroet.

Eerste moordenaar verskyn by die deur.

MACBETH : Kyk, hulle tree voor u met dankb're harte.
Twee kante gelyk, en hier sit ek in die middel.
Wees vrolik en bly; die bekermaat sal nóú
Sy ronde doen.

Hy nader die deur.

Daar's bloed aan jou gesig.

MOORDENAAR : Dan is dit Banquo s'n.

MACBETH : Nog liever jý daarbuite as hý hierbinne.
Is hy weggestuur?

MOORDENAAR : My Heer, ek het hom keel-af gesny, ek self.

MACBETH : Die puikste moordenaar, jy; ook goed, die man
Wat vir Fleance bewerk het. Was dit jy,
Dan is jy sonder weerga.

MOORDENAAR : Majesteit,
Fleance het ons ontsnap.

MACBETH : Dan kom die stuipangs weer. Ek sou volmaak
So gaaf soos marmer en rotsvas kon staan,
So breed soos die alles omkoepelende lug;
Maar nou is ek hok geslaan, beklem, gebind
Deur brute twyfel en angs. Maar Banquo is veilig?

MOORDENAAR : O ja, my Heer, doodveilig in 'n sloot,
Met twintig gapende wonde in sy kop,
Die kleinste klaar genoeg.

MACBETH : Wel, dankie daarvoor.
Daar lê die volgroeide slang; die ontvlugte wurm

Sal van nature met tyd ook gif vergaar,
Maar is nog sonder tande. Gaan nou; more
Praat ons weer verder.

Moordenaar af.

VROU MACBETH : My Koninklike Heer,
U lei nog nie ons fees nie. 'n Feesmaal word
'n Herbergdis as die gasheer nie voortdurend
Sy welkom spreek nie. Eet kan ons tuis, maar h  r
Is pligplegings die sous oor die braaigereg,
Daarsonder smakeloos.

MACBETH : 'n Mooi vermaning!
Smaaklik ete, en mag dit tot welsyn van
U lewe dien.

LENNOX : U Hoogheid, asseblief.

Hy wys op die le  stoel.

MACBETH : Ons dak sou die eer en adel van ons land
Gedek het, was die nobele Banquo hier;
Maar ek sou hom liewers sy versuim verwyt
As sy ongeluk betreur.

*Die gees van Banquo kom binne en gaan sit op
Macbeth se plek.*

ROSS : Sy wegbly, Heer,
Beskaam net sy belofte. Hoogheid, kom,
Vereer ons koninklik met u geselskap.

MACBETH : Die tafel is vol.

LENNOX : Hier's plek gehou vir u.

MACBETH : Waar?

LENNOX : Hier, edele Heer. Wat, wat ontstel U Hoogheid?

MACBETH : Wie van u het dit gedoen?

EDELLIEDE : Wat, ed'le Heer?

MACBETH : U kan my nie beskuldig nie, moet nooit
U bloedbevlekte lokke vir my skud nie.

ROSS : Here, staan op; Sy Hoogheid is ongesteld.

VROU MACBETH : Sit, waarde vriende. My heer is dikwels so,
Van jongs af reeds. Ek bid u, bly tog sit.
Die aanval duur 'n oomblik, maar dan gou
Herstel hy weer. As hy sien dat u dit merk,
Maak dit hom kwaad en dit verleng die aanval.
Eet ongemerk maar voort. Is jy 'n man?

MACBETH : Ja, en 'n dapper man, wat durf aanskou
Wat die duiwel sou laat skrik.

VROU MACBETH : Dis suiwer onsin!
Dis vrees wat jou voorskilder wat jy sien :
Die spook-dolk in die lug wat sogenaamd
Na Duncan jou gelei het. Jou ruk en beef,
Drogbeelde van die ware vrees, sou pas
By 'n vrou se storie voor die wintervuur,
Bevestig deur haar grootjie. Die skande self!
Waarom vertrek jy jou gesig? Na alles,
Dis maar 'n stoel wat jy na kyk.

MACBETH : Ek smeek u, kyk ! Kyk daar ! Wat? Wat sê jy?
Wat traak dit my? As jy kan knik, praat dan ook.
As knekelhuis en graf weer t'rugstuur wat
Ons daar begrawe, laat die maag van aasvoëls
Ons grafkuil wees.

Gees verdwyn.

VROU MACBETH : Deur dwaasheid skoon ontman?

MACBETH : Ek 't hom, soos ek hier staan, gesien.

VROU MACBETH : O skaam jou!

MACBETH : Bloed is tevore in die outyd reeds gestort,
Voor menslike wette die staat gesuiwer het.
Ook sedertdien is daar moorde gepleeg,
Verskriklik om te hoor. Daar was 'n tyd,

Toe, as die brein verbrysel is, die man
Dan sterf en klaar. Maar nóú staan hul weer op,
Met twintig moordende moordsteke in die kop
En stoot jou van jou stoel. Dit is nog vreemder
As wat die moord self is.

VROU MACBETH : My waarde Heer,
U edele vriende mis u.

MACBETH : Ja, ek vergeet.
Moenie oor my verwonderd peins nie, vriende.
Ek het 'n vreemde swakheid, wat niks beteken
Vir die wat my ken. Kom, vriendskap en gesondheid !
Dan gaan ek sit. Skink vol my beker, vol.
Ek drink die gesondheid van die hele tafel,
En op die dierb're Banquo, wat ons mis.
Was hy maar hier. Ons dors, en drink op hom,
En almal op almal.

Gees weer op.

EDELLIEDE : Ons plig, ons eed van trou.

MACBETH : Weg voor my oog ! Laat die aarde jou bedek !
Jou bene is sonder murg, jou bloed is koud ;
Daar flikker geen verstand in daardie oë
Waarmee jy staar.

VROU MACBETH : Beskou dit, edelliede,
Maar bloot as iets gewoons ; dit is niks meer nie.
Net jammer dit bederf die aand se vreugde.

MACBETH : Wat mens durf waag, waag ek.
Tree vóór my soos die ruie Russiese beer,
Die woeste renoster of Hirkaanse tier,
Enigiets, behalwe dit ; geen senuwee
Sal tril in my nie . . . Of keer tot die lewe t'rug
En daag my met die swaard na die woestyn.
En as ek 'n ooglid roer, skel my dan uit
Vir 'n meisiepop. Weg, aaklige spookfiguur !
Onwerklike spotbeeld, weg !

Die gees verdwyn.

Hoe nou? Hy's weg,
En ek is weer 'n man. Ek smeeek u, sit.

VROU MACBETH : U het die vreug verdryf, die fees opgebreek
Tot 'n wonder van wanorde.

MACBETH : Kan so iets wees,
En ons oorskadu soos 'n somerswolk,
En geen sterk wonder by ons wek nie? U maak
Dat ek bevreemd staan ook teenoor myself
As ek dink, dat u sulke gesigte kan sien
En die robynrooi van u wang behou,
Wyl ek verbleek van skrik.

ROSS : Heer, watter gesigte?

VROU MACBETH : Ek smeeek u, swyg; hy word net ál hoe erger,
En vrae maak hom woedend. Goeienag.
En moenie let op rang by u vertrek nie,
Maar gaan meteens.

LENNOX : Goeienag, en beterskap,
U Majesteit!

VROU MACBETH : 'n Goeie nagrus almal!

Almal af, behalwe Macbeth en Vrou Macbeth.

MACBETH : Dit soek na bloed; hulle sê bloed soek na bloed.
Daar was al stene wat roer en bome wat praat;
En wigg'laars met hul kennersblik, gevoed
Deur ekster, kraai en roek, het al die slimste
Manne van bloed ontbloot. Waar staan die nag?

VROU MACBETH : Byna in stryd met die dag wat deur wil breek.

MACBETH : Wat dink u van Macduff? Hy was uitgenooi
Maar het geweier.

VROU MACBETH : Het u 'n bode gestuur?

MACBETH : Ek hoor dit net terloops, maar sál een stuur.
Daar's onder hulle nie een, of ek het daar
'n Bediende wat ek betaal. Ek gaan dan more,

En dit sal vroeg wees, na die sieneresse;
Hulle móét meer sê; deur die ergste middels wíl
Ek die ergste weet wat wag. Voor my belange
Moet alles wyk. Ek het so diep ingewaad
In bloed dat, as ek die moeë oortog vrees,
Ek weet dat die t'rugtog net so swaar sal wees.
Daar's vreemde dinge in my hoof wat hand toe beur
En daad wil word, voor ryp beraad hulle keur.

VROU MACBETH : U mis natuur se groot genesing : slaap.

MACBETH : Kom ons gaan slaap. Die selfverwyt in my
Is jong vrees, wat deur oefening spierkrag kry;
Ons is in die daad nog saf en jonk.

Albei af.

TONEEL VYF: 'N HEIDEVELD

Donder. Drie hekse op. Hulle ontmoet Hekate.

EERSTE HEKS : Wat is dit Hekate? Jy lyk so kwaad.

HEKATE : En wel met rede, ou wywe wat jul is,
Voorbarig en brutaal ! Hoe durf jul waag
Om met knoei en kwansel Macbeth te stoot
In raaiseldinge van die dood.
Maar ék, hoofkok van towerdampe,
Ek, hoofbeplanner van alle rampe,
Word nie gevra om dit by te woon
En die glorie van ons kuns te toon.
En, ergste nog, die hele boel
Dien net 'n koppige seun se doel,
Sy spyt en wrok. Soos elke mens
Soek hy sy eie wil en wens.
Verkeerd moet jul regmaak by sy bron;
Ontmoet by die poel van Acheron
My more; hóm het ek daar bestel
Om sy lot en toekoms te voorspel.

Bring ketel en towerkruie daar
 En hou jul raaiselryme klaar.
 Ek ry lug ín, en hierdie nag
 Slaan ek 'n dodelike slag.
 Voor more word iets groots gedaan :
 Daar hang aan die horing van die maan
 'n Neweldrappel, vol en rond,
 Wat ek sal vang voor dit val op die grond.
 Met toorkrag wat ek daaruit trek,
 Kan ek bese geeste in hom wek
 Wat deur hul krag van boos tot boos
 Hom aan sal drywe, eindeloos.
 Met hoop, bo wysheid, deug en nood,
 Sal hy lag en spot met lot en dood.
 Julle weet dat die mens se bekommernis
 Oor homself sy grootste vyand is.

Musiek en sang agter.

STEM : Kom hierheen, hierheen Hekate.

HEKATE : Hoor daar ! En kyk ! My klein gees ry
 Op 'n vogtige wolk en wag vir my.

EESTE HEKS : Kom ons gaan haastig weg ; sy is netnou terug.

Af.

TONEEL SES : FORRES - DIE PALEIS

Lennox en 'n ander edelman op.

LENNOX : Ek het vroeër by u gedagtes aangeroeer
 Wat spoor tot verder dink. Ek wil maar sê,
 Die sake het vreemd verloop. Die goeie Duncan
 Is deur Macbeth betreur, wél ná sy dood.
 Die dapper Banquo was te laat op pad
 En is deur Fleance, sê maar, doodgemaak,
 Want dié 't gevlug. Gevaarlik om laat te loop.
 En wie kan help om te dink hoe monsteragtig

Dit was van Malcolm en van Donalbain
 Om hul liewe vader te vermoor? Vervloek!
 Hoe het dit Macbeth gegrief! Hy het op die plek
 In heilige woede die wagte doodgesteek,
 Albei geboei deur slaap, versuf deur drank.
 Was dit geen nobele daad? Ja, en ook wys,
 Want dit sou elke hart wat leef, gewond het
 Om hulle te hoor ontken. Dus, sê ek maar,
 Hy het sake goed beheer. Ek dink as hy
 Duncan se seuns kry agter slot – wat nooit
 Sal wees, of God moet dit so beskik – sal hulle
 Ook weet wat vadermoord is. Ook Fleance.
 Maar swyg! Deur 'n trotse woord, en ook omdat
 Hy die tiran se fees vermy het, leef
 Macduff glo in ongenade. Weet u, Heer,
 Waar hy homself bevind?

EDELMAN : Die seun van Duncan,
 Van wie hierdie tiran sy geboortereg
 Weerhou, woon aan die Engelse hof. Hy word
 Deur die vrome Eduard so goed ontvang
 Dat hy, ten spyte van sy bitter lot,
 In hoë aansien niks verloor nie. Macduff
 Het dáár die heilige vors gaan smee dat hy
 Die stryder Siward en Northumberland
 Sal stuur, in die hoop dat met hul hulp, (en God
 Se seën) ons weer eens vlees vir ons tafel kry,
 Vir ons nag geruste slaap, en weer bankette
 Hou en feesvier, vry van dolk en bloed,
 Vir troue diens weer vrye loon en eer.
 Dis dít wat ons na smag. Macbeth was so
 Gebelg oor dié rapport dat hy op oorlog
 Hom voorberei.

LENNOX : Het hy Macduff ontbied?

EDELMAN : Hy het. Maar na 'n kortaf : „Nie ék nie, heer,”
 Het die stug bode sy rug gedraai, geneurie,

Asof hy wou sê : „Die dag sal jou berou,
Wat my belas met so 'n antwoord.”

LENNOX :

Miskien

Sal dit hom maan tot versigtigheid en leer
Om 'n wyse afstand te bewaar. O mag
'n Heilige engel vooruit vlieg na die hof
Van Engeland en die boodskap bring, dat seën
Weer vlug en tydig daal op hierdie land,
So swaar vervloek.

EDELMAN :

My gebede gaan met hom.

Af.

VIERDE BEDRYF

TONEEL EEN: 'N GROT. 'N KETEL. DONDER

EERSTE HEKS : Bontkat het drie maal gemiaau.

TWEEDE HEKS : Krimpvark het een keer gepiep.

DERDE HEKS : Kuikendief skreeu : „Dis tyd, dis tyd.”

EERSTE HEKS : Om die ketel rondomtalie;

Giftige derms in die balie.

Padda wat onder 'n koue steen

Dertig, dag en nag, plus een,

Slapend gifstof uitsweet tot

Jy hom kook in die towerpot.

ALMAL : Kook die kwaad tot die ketel gorrel,

Gifbolbelle breek en borrel.

TWEEDE HEKS : Sagte vleis van modderslang

Kook in ketel ure lang.

Palingoog en paddalong,

Vlermuiswol en addertong,

Naguilvlerk en paddavis,

Blindwurmangel en akkedis –

Kook die kwaad se kiem en korrel :

Hellepap wat prut en borrel.

ALMAL : Kook die kwaad tot die ketel gorrel,

Gifbolbelle breek en borrel.

DERDE HEKS : Draak se skubbe, wolf se tand,

Haai se pens en ingewand,

Dolkruidwortel uit donker dal,

Jood wat boontoe vloek se gal,

Grafwilglote, nagtelik by
Lig van 'n maansekrips gesny,
Heks se mummie, bok se bloed,
Turk se neus, Mongool se voet,
Duim van kind, verwurg en dood
Deur 'n kraam-slet in die sloot,
Voeg tot die inhoud van ons ketel
Nog 'n tier se harslag by,
Kook dit tot 'n pappery.

ALMAL : Kook die kwaad tot die ketel gorrel,
Gifbolbelle breek en borrel.

TWEEDE HEKS : Koel dit af met aap se bloed,
Dan's die toorsalf sterk en goed.

Hekate op.

HEKATE : O, goeie werk ! Ek loof julle bly;
In die wins sal elk 'n aandeel kry.
En nou, kom, om die ketel sing,
Soos feë en elwe in 'n kring,
Dat die toorkrag in die brousel dring.

Musiek en sang.

Hekate af.

TWEEDE HEKS : As my duim pyn, weet ek wis
Dat iets boos in aantog is.

Geklop.

Draai die knop
Wie daar klop.

Macbeth binne.

MACBETH : Hoe nou, gespuis van pikswart middernag,
Wat doen julle daar?

ALMAL : 'n Daad wat naamloos is.

MACBETH : Ek besweer julle by die kuns wat jul beoefen,
Hoe ook jul kennis kom, beantwoord my :
Al sou julle stormwinde ontketen wat
Om kerke ruk en woed; al karring julle
Wit branders hoog wat elke skip verswelg;
Al word groen koring en bome plat gewaai;
Al stort kastele om hoofde van bewakers;
Al staan paleis en piramied gebuk
Na eie fondament; al sou natuur
Sy skat van kiemsaad in sy skoot verwar,
Tot selfs verwoesting siek versadig is,
Beantwoord my.

EERSTE HEKS : Praat.

TWEEDE HEKS : Eis.

DERDE HEKS : En ons sal antwoord.

EERSTE HEKS : Sê, wil u liewers dít uit óns mond hoor,
Of van ons meesters.

MACBETH : Roep hulle; ek wil sien.

EERSTE HEKS : Bloed van sog, wat haar negeling vreet,
Roer dit in. Ou vet wat sweet
Bo uit moord'naarsgalg, voed
Die vlam.

ALMAL : Kom nou, groot of klein,
Vinnig op diens, verskyn, verskyn!

Donder. Eerste Verskyning: 'n Gehelmde Hoof.

MACBETH : Vertel my, duist're mag, –

EERSTE HEKS : Hy weet wat u wil;
Luister na hom, en bly self stil.

EERSTE VERSKYNING : Macbeth! Macbeth! Macbeth! O, vrees
die Taan
Van Fife! Vermyn Macduff! Genoeg. Ek gaan.

Daal af.

MACBETH : Wie jy ook is, dank vir jou goeie raad,
Wat my snaar van vrees reg aanroer. Sê my verder . . .

EERSTE HEKS : Hy kom op geen bevel. Maar hier's weer een,
Nog magtiger as die eerste.

Donder. Tweede Verskyning: 'n Bebloede Kind.

TWEEDE VERSKYNING : Macbeth ! Macbeth ! Macbeth !

MACBETH : Ek luister met al my ore.

TWEEDE VERSKYNING : Staan bloedig, moedig, vas; spot met
gevaar

Van mensemag; geen man, deur 'n vrou gebaar,
Sal ooit Macbeth kan deer.

Verdwyn.

MACBETH : Leef maar, Macduff. Wat hoef ek te vrees van jou?
Maar ek sal séker dubbelseker maak
En die lot met 'n pandreg bind; jy sal dus sterf.
Dan kan ek bleeksiel'ge vrees sê dat hy lieg,
En slaap al dreun die donder.

*Donder. Derde Verskyning: 'n Gekroonde Kind,
met 'n boom in sy hand.*

Wat is dit

Wat vóór my opklim soos 'n koningskind,
En op sy hoof reeds dra die kroon en kruin
Van heerskappy?

ALMAL : Nee, luister net, en swyg.

DERDE VERSKYNING : Staal u tot leeuetrots en -moed, verag
Wie mor of wrok of samesweer; Macbeth
Word nooit gebreek, voor die woud van Birnam op
Kan ruk na Dunsinaan se hoogste top
En teen hom veg.

Verdwyn.

MACBETH : En dit beteken nooit.
Wie dwing tot diens 'n woud of boom om ooit
Sy wortelgrond te los? Orakels, oud!
Geen opstand hef sy hoof, voordat die woud
Van Birnam opstaan. Ons Macbeth sal vol
En hoog sy lewenspan leef, net sy tol
Aan die natuur en tyd betaal. Maar my hart
Brand om nóg iets te vra : kan jul met swart
En sienerskuns voorspel : Sal die saad van Banquo
Ooit hierdie ryk regeer?

ALMAL : Moenie meer vra nie.

MACBETH : Ek soek my sekerheid. As julle dit weier,
Sal my ewige vloek julle tref ! Ek wíl dit weet.
Waarom sak die ketel weg? En dié musiek?

Hobo's.

EERSTE HEKS : Verskyn !

TWEEDE HEKS : Verskyn !

DERDE HEKS : Verskyn !

ALMAL : Tref sy oog, sy hart met pyn;
Kom soos skimme en verdwyn.

*Verskyning van agt konings, die laaste met 'n spieël
in sy hand. Banquo se gees agteraan.*

MACBETH : Jy lyk te veel op die gees van Banquo; weg!
Jou kroon skroei op my oog. Jou hare, jy,
Jy, tweede goud-omkransde hoof, lyk nes
Die eerste. Die derde ook. Jul vies-vuil feekse!
Waarom my dit gewys? 'n Vierde. Vreeslik!
Strek hierdie linie tot die oordeelsdag?
Nog een ! 'n Sewende ! Weg voor my oog.
En nog 'n agste ook; hy dra 'n spieël,
Wat my nog veel meer toon. Ek sien party
Wat dubb'le sfere en driedubbel septers dra.
Afskuw'like beeld ! Nou weet ek dit is waar.

Die bebloede Banquo kyk my laggend aan
En wys op hulle as syne.

Verskyning verdwyn.

Wat, is dit so?

EERSTE HEKS : Ja, Heer, dis so. Maar waarom staar
Macbeth in stom verbasing daar?
Kom, susters, wek sy gees weer op
Met die puikste nommers op en top;
En ek sal die lug toor tot dit sing
En julle in dolle danspas spring,
Dat ons die magtige koning toon
Ons dienste het hom ryk beloon.

Musiek. Die hekse dans en verdwyn met Hekate.

MACBETH : Waar is hul? Weg? Laat dié verderflike uur
Vir ewig vervloek in die kalender staan!
Wie's daar? Kom binne.

Lennox op.

LENNOX : Wat beveel my Heer?

MACBETH : Het u die sieneresse gewaar?

LENNOX : Nee, Heer.

MACBETH : Is hulle nie hier verby nie?

LENNOX : Glad nie, Heer.

MACBETH : O, laat die lug waarop hulle ry, verpes wees,
Vervloek almal wat op hulle vertrou! Ek het
Galop van perde gehoor. Wie is hier verby?

LENNOX : Dis twee of drie, my Heer, wat die boodskap bring
Macduff het gevlug na Engeland.

MACBETH : Engeland toe!

LENNOX : Ja, goeie Heer.

MACBETH : Tyd, jy spring my verskriklike dade voor.
 Die vlugtige doel word nooit weer ingehaal,
 Tensy die daad hom vergesel. Voortaan
 Sal die eerst'linge van my hart ook wees
 Die eerst'linge van my hand. En nou, om by
 My dink die daad te voeg, word dít gedink,
 Gedaan : Verras Macduff se slot; en neem
 Fife in; en slaan met die skerpste van die swaard
 Sy vrou, sy kinders, almal wat ongelukkig
 In daardie stamlyn lê. Geen dwase grootspraak;
 Ek sál dit doen, voor die plan koud word in my.
 Maar geen visioene meer ! Waar is die here?
 Kom, bring my waar hulle wag.

Af.

TONEEL TWEE: FIFE-MACDUFF
 SE KASTEEL

Vrou Macduff op, haar seun en Ross.

VROU MACDUFF : Wat het hy gedoen dat hy uit die land moes
 vlug?

ROSS : Geduld, Mevrouw.

VROU MACDUFF : Maar hý het niks gehad nie.
 Sy vlug was waansin. Doen ons daad dit nie,
 Maak vrees van ons verraaiers.

ROSS : U weet nog nie
 Of dit sy wysheid was, dan wel sy vrees.

VROU MACDUFF : Wysheid ! Wat vrou en kinders agterlaat,
 Kasteel en titels, alles op 'n plek
 Van waar hy self wegvlug? Hy't ons nie lief nie;
 Hy mis dié tik natuur. Die nietigste voël,
 Die winterkoninkie, sal dapper veg,
 Haar nes en kleintjies teen die uil verdedig.

Die vrees is alles, maar die liefde niks.
So weinig is die wysheid waar die vlug
Totaal onred'lik is.

ROSS : My liefste niggie,
Lees liewers uself die les. Wat u man betref,
Hy is edel, wys, verstandig, en hy ken
Die tyd se grille. Meer mag ek nie sê nie.
Dis 'n wrede tyd, as ons verraaiers word
Selfs sonder dat ons dit weet, gerugte glo
Uit vrees maar nie weet wat ons vrees nie,
As ons in wind en stroom wegdryf op 'n wild
Onstuimige see. Ek moet nou afskeid neem,
Maar ek sal binnekort terug wees hier.
Wat op sy ergste is, verdwyn, of klim
Weer op tot wat dit was. My pragtige nefie,
Gods seën op jou !

VROU MACDUFF : Hy het 'n vader, maar is tog vaderloos.

ROSS : Ek is so 'n dwaas, as ek langer toef, sal dit my
Tot skaamte wees en u tot ongemak;
Ek moet nou weg.

Af.

VROU MACDUFF : My seun, jou vader is dood;
En wat sal jy nou doen? Hoe sal jy leef?

SEUN : Soos voëltjies, Moeder.

VROU MACDUFF : Hoe? Van wurms en vlieë?

SEUN : Van wat ek raakloop, seker, net soos hulle.

VROU MACDUFF : My voëltjie, mag jy nimmer vrees vir lym,
Vir valwip, strik of net.

SEUN : Hoe sou ek, Moeder? Hulle stel nie wippe vir arm
Ou voëltjies nie; en Vader leef, ek weet.

VROU MACDUFF : Nee, hy is dood. Hoe kry jy weer 'n vader?

SEUN : Nee, hoe kry Mammie weer 'n man?

VROU MACDUFF : Og, ek kan twintig koop op elke mark.

SEUN : Dan koop Mammie hulle om weer te verkoop.

VROU MACDUFF : Jy praat so oulik, met 'n gevatheid, ja,
Meer as genoeg vir jou.

SEUN : Was my vader 'n verraaier, Moeder?

VROU MACDUFF : Dit was hy, ja.

SEUN : Wat is 'n verraaier?

VROU MACDUFF : Wel, iemand wat sweer en lieg.

SEUN : Is almal wat dit doen, verraaiers?

VROU MACDUFF : Elkeen wat dít doen, is 'n verraaier en moet
gehang word.

SEUN : En moet hulle almal hang, wat sweer en lieg?

VROU MACDUFF : Die laaste een.

SEUN : En wie moet hulle hang?

VROU MACDUFF : Wel, die eerlike mense.

SEUN : Dan is die leuenaars en sweerders gekke, want daar is
leuenaars en sweerders genoeg om die eerlike mense te klop
en hulle op te hang.

VROU MACDUFF : Nou, God help jou, my arme apie! Maar wat
sal jy doen om weer 'n vader te kry?

SEUN : As hy dood was, sou Mammie oor hom gehuil het; as
Mammie dit nie doen nie, sou dit 'n goeie teken wees, dat ek
gou 'n nuwe vader kry.

VROU MACDUFF : My arme babbelaartjie, wat praat jy tog!

Bode op.

BODE : Heil u, edele vrou! U ken my nie,
Maar ek ken wel u hoë staat van eer.

Ek vrees nabye gevaar bedreig u nou.
As u 'n eenvoudige man se raad sal neem,
Moenie hier bly nie, gaan met u kinders weg.
Ek weet, dis wreed om u so te laat skrik,
Maar my versuim sou groter barbaarsheid wees
Wat n u reeds op u loer. Wees God u hoeder!
Ek durf nie langer bly nie.

Af.

VROU MACDUFF : Waarheen vlug?
Ek het geen kwaad gedoen nie. Maar, onthou
Ek leef op hierdie w reld, waar kwaad doen soms
Geprys word, goed doen soms gesien word as
Gevaarlike soort dwaasheid. Waarom, ag,
Kom ek met die vroulike verweer : „Ek het
Geen kwaad gedoen nie?”

Moordenaars op.

Wat se gesigte is dit?

EERSTE MOORDENAAR : Waar is u man?

VROU MACDUFF : Ek hoop op geen plek so onheiligh dat een
Van u soort hom daar kry nie.

EERSTE MOORDENAAR : Hy's 'n verraaier.

SEUN : Jy lieg, jou deurmekaarkop – skurk!

EERSTE MOORDENAAR : Wat, snuiter,

Hy deurboor hom.

Jong broeisel van verraad!

SEUN : Hy het my gesteeke,
Ek sterwe, Moeder, hardloop weg, ek smeek dit.

Hy sterwe.

*Vrou Macduff skree „moord” en hardloop uit met
die moordenaars agter haar aan.*

STONEEL DRIE: ENGELEND-VOOR DIE
KONING SE PALEIS

Malcolm en Macduff kom op.

MALCOLM : Laat ons 'n eensaa skadu soek, en daar
Ons droewe harte uitween.

MACDUFF : Laat ons liewers
Die skerp swaard gryp en soos manne veg vir ons
Geboortereg. Geen more of nuwe klag
Van weduwee en wees tref so die hemel
Se aangesig, dat dit luid weerklink asof
Die hemel voel met Skotland en sy smart
Uitskreeu in dieselfde taal.

MALCOLM : Beween wat ek glo,
En glo wat ek weet, herstel wat ek kan, dit wil
Ek doen, as die tyd my bondgenoot sal wees.
Wat u gesê het, is waarskynlik waar.
Hierdie tiran – sy naam selfs brand 'n blaar
Op die tong – was hoog geag. U het hom bemin.
Hy het u nog nie getref nie. Ek is jonk,
Maar een met wie u by hom guns kan werf,
Deur wys'lik my as arm, onnosel lam
Te slag om 'n woedende god te paai.

MACDUFF : Ek is geen verraaiier nie.

MALCOLM : Maar Macbeth wél.
'n Groot en deugsame natuur kan swig
Voor vorstelike opdrag. Maar, vergeef my.
U wese kan nie verander deur wat ek dink nie.
Al het die blinkste geval, blink engele nog.
Al sou die vuilste die aanskyn dra van deug,
Moet deug nog steeds só lyk.

MACDUFF : Ek 't hoop verloor.

MALCOLM : Miskien juis dáár verloor, waar ek my twyfel vind.
Waarom in ruwe haas u vrou en kind

Verlaat, die duurste pand en band van liefde,
Selfs sonder afskeid neem? Ek bid u, glo
Dat my argwaan geen belediging vir u,
Slegs eie veiligheid beoog. U mag,
Vir al wat ék weet, eerlik wees.

MACDUFF : Bloei dood,
My arme land ! Groot dwing'landy, lê vas
Jou fondament. Geen deug durf teen jou staan nie.
Dra die kwaad as vaste titeleer en kroon.
Vaarwel, my Heer. Vir alles onder die klou
Van die tiran, met die Ooste by, sou ek nooit
So 'n skurk wil wees, soos ú my sien.

MALCOLM : Vergeef my !
Ek sê dit nie alleen uit vrees vir u nie.
Ek dink ons land staan onder die juk gekrom;
Dit ween, dit bloei, met elke dag opnuut
'n Wond by al die ander. Ek dink daarby
Daar is arms wat willig vir my reg sou stry.
Die edelmoedige Engeland hier bied my
'n Goeie paar duisend aan. Maar nietemin,
As ek mog trap op die tiran se hoof,
Of dit op my swaardpunt steek, sou my arme land
Meer euwels op hom haal as ooit tevore,
Meer ly op meer maniere as voorheen
Onder die man wat opvolg.

MACDUFF : Wie sou hy wees?

MALCOLM : Ek bedoel myself, in wie ek weet die kwaad
In al sy vorms so ingeënt is dat,
As dit openbaar sou word, die swart Macbeth
So wit soos sneeu sou staan, en die arme staat
Hom as 'n lam sou sien in vergelyking
Met my oneindige kwaad.

MACDUFF : Die hel se put
Het nie onder sy trawante 'n duiwel so
Volvloek van euwel soos Macbeth nie.

MALCOLM :

Ek weet,

Hy's wulps, bloeddorstig, gulsig, vals, ontrou,
Voortvarend, vol haat, besmet met elke sonde
Wat mens kan noem. Maar my wellustigheid
Ken boom nòg grond. U vroue, dogters, u
Matrones, meisies, kan nooit my sinnelus
Se sinkput vul nie, en my begeerte sou
Deur elke wal van weerstand breek wat durf
My wil weerstreef. Laat, liewers as so 'n persoon,
Macbeth regeer.

MACDUFF :

Ja, matelose wellus

Is 'n dwingelandy; dit het gelukkige trone
Ontydig leeg laat staan en konings tot
'n Val gebring. Tog moet u sonder vrees
Aanvaar wat aan u behoort. U kan
U luste ruimskoots botvier, en tog die tyd
So 'n rad voor oë draai dat hul dink u is koud.
Daar's hier gediensige dames genoeg. Daar leef
In u tog nie so 'n aasvoël dat hy alles
Sou kan verslind wat offervaardig wag
Om grootheid te bevredig?

MALCOLM :

Mét dit groei daar

In my uiters onhebbelike natuur
So 'n grenselose grypsug dat ek as koning
Die edelmanne sou afmaai om hul grond,
Of dié een se juwele, of daardie een
Se huis te kry. En meer besit word net
Die sous wat my honger voed om valse rusies
Teen goeie en lojale burgers te stook
En hulle te breek vir eie gewin.

MACDUFF :

Hebsug

Dryf dieper, dodeliker sy wortels in
Dan die lus van 'n somertyd; dit was die swaard
Vir ons verslane vorste. Maar wees gerus :
Skotland se oervloed sal u goed versadig,
By wat u reeds besit. Dis alles draaglik,
Teen ander deugde afgeweeg.

MALCOLM : Ek besit geeneen van die koninklike gawes,
Soos waarheid, matigheid, regverdigheid,
Volharding, vastheid, moed, geduld en krag,
Ontferming, gulheid, ootmoed – ek het geen smaak
Vir daardie deugde. Maar ek is ryk bedeel
Met ondeug se talle wisselvorms, wat
Ek telkens ánders weer geniet. Ek sou,
As ek kon, die soet melk van eendrag uitstort
In die hel, en wêreldvrede en -eenheid stook
Tot oproer en verwarring.

MACDUFF : O Skotland ! Skotland !

MALCOLM : As so 'n persoon tot heers bevoeg is, spreek :
Ek is, soos ek gesê het.

MACDUFF : Tot heers bevoeg !
Nee, nie eers om te leef nie. Rampspoedige volk,
Deur titellose en bloedige tiran
Verdruk, sal heil en vrede ooit weer oor
Jou aanbreek, nou dat die erfkind van jou kroon,
Deur eie erkenenis vervloek, sy stam
Tot skande maak ? U koninklike vader
Was 'n God-gewyde vors ; die koningin,
U moeder, het biddend op haar knieë meer
En meer die lewe afgesterf. Vaarwel !
Die boosheid, waarmee u uself belas,
Het my verban van Skotland. O, my hart,
Hier sterf jou hoop !

MALCOLM : Macduff, u ed'le hartstog,
Gebore uit eerlikheid, het ook my siel
Bevry van duistere argwaan ; nou ken my hart
U waarheid en u trou. Die duiwelsvriend,
Macbeth, wou met dié liste dikwels my
In sy magkring lok, maar wysheid ruk my weg
Van oorhaastige geloof. Wees God daarbo
Nou ons twee se getuie ! Van nou af aan
Stel ek my onder u leiding, ek weerspreek

My selfbelastering, en sweer voor u :
Die sondes waarmee ek myself belas het,
Is vreemd aan my natuur. Ek het nog nooit
'n Vrou beken nie, nooit meineed gepleeg nie,
Ek het skaars ooit begeer wat myne is,
Geen troubreuk ooit gepleeg, sou selfs die duiwel
Nie aan sy maat verraaï nie. Die waarheid het
Ek lief soos die lewe self. My eerste leuen
Was dié een oor myself. My ware self,
Stel ek tot u en my arme land se diens.
Die ou Siward het daarheen nog voor u koms
Met 'n mag, tienduisend sterk, strydlustig en
Behoorlik toegerus, reeds opgeruk.
Ons trek saam op, en mag die uitslag net
So sterk staan soos ons reg. Maar waarom swyg u?

MACDUFF : Soveel wat welkom en onwelkom is
Gelyk, is moeilik te versoen.

Dokter op.

MALCOLM : Wel, later meer – Vertel my, kom die koning?

DOKTER : Ja, Heer. 'n Groot groep arme siele wag
Daar op genesing. Hul siekte spot nog met
Ons kuns. Maar as hý hulle aanraak met sy hand
Wat die hemel so met heiligheid bekleë het,
Herstel hulle dadelik.

MALCOLM : Ek dank u, Dokter.

Dokter af.

MACDUFF : Maar wat se siekte is dit?

MALCOLM : Die „Koningskwaal”.
Ek het hierdie goeie koning tydens my
Verblyf in Engeland die grootste wondere
Sien doen. Hoe hy die hemel bid om krag,
Weet hy alleen. Maar die vreemdste siek gevalle
Vol swelsels en etterbuile, onooglik – naar,
'n Wanhoop vir die geneeskuns, het hy genees

Deur onder heilige gebede 'n penning
Van goud om hul nek te hang. Dit word gesê
Die vors wat opvolg, sal die heil'ge krag
Van genesing erf. By hierdie groot vermoë
Besit hy die hemelse gawe van profesie.
Deur talle seëninge óm sy troon lyk hy
Besonder begenadig.

Ross op.

MACDUFF : Kyk, wie kom daar?

MALCOLM : My landgenoot, maar tog ken ek hom nie.

MACDUFF : My hooggeëerde neef, wees welkom hier.

MALCOLM : Nou ken ek hom. O God, verdryf betyds
Tog alles wat ons vervreem.

ROSS : So sy dit, Heer.

MACDUFF : Hoe staan dit nou met Skotland?

ROSS : O, arme land !
Byna te bang om haarself te ken. Noem haar
Nie meer ons moeder nie maar ons graf, waar niks
As hý wat niks weet, soms 'n glimlag toon;
Waar sugte, kreune en ongetelde krete
Die lug verskeur; waar die hewigste smart gewoon
'n Soort vervoering is; waar niemand, as
Die doodsklok lui, nog vra : „Vir wie”; en goeie
Mense, vóór die sierblom op hul hoed verwelk,
Selfs sonder siekbed sterf.

MACDUFF : O beskrywing,
Te goed, tog vreeslik waar.

MALCOLM : En die jongste ramp?

ROSS : 'n Uur-ou ramp is onnuus en verveel,
Waar elke minuut weer nuwes teel.

MACDUFF : Hoe gaan
Dit met my vrou?

ROSS : Wel, goed.

MACDUFF : My kinders?

ROSS : Ook.

MACDUFF : Die tiran het dus nog nie hul rus verbreek nie?

ROSS : Hulle was in rus en vrede by my vertrek.

MACDUFF : U is te suinig met u woord : Hoe gaan dit?

ROSS : Toe 'k hierheen kom om tydings oor te bring
Wat swaar weeg op my hart, was daar gerugte
Van baie dapper manne onder wapen,
Wat ek veral geglo het toe ek sien
Die dwing'land bring sy magte op die been.
Nou is dit tyd vir hulp. In Skotland sou
U oog soldate skep, ons vroue laat veg
Om die storm van smart te stuit.

MALCOLM : Laat dít hulle troos,
Ons kom. En Engeland het grootmoedig ons
Die goeie Siward met tienduisend man
Geleen. Geen ouer en beter krygsman leef
In enige Christenland.

ROSS : Kon ek maar troos
Met troos beantwoord hier ! Maar ek het woorde
Wat liefs geskreeu moet word in die woestyn,
Waar nooit 'n oor dit opvang.

MACDUFF : Wie geld dit?
Ons gemene saak ? Of is dit privaatbesit
Van één verskeurde hart?

ROSS : Die eerlike mens
Deel altyd ander smart. Maar die grootste deel
Geld u alleen.

MACDUFF : As dit dan myne is,
Laat my dit sonder terughou dadelik kry.

ROSS : Moenie toelaat dat u ore ewig my tong
Verag, wat hulle sal vul met die swaarste toon
Wat ooit gehoor is.

MACDUFF : Ja, ek vermoed dit reeds.

ROSS : U slot is vinnig oorval, u vrou en kinders
Is wreed vermoor. As ek dit moes beskryf,
Sou ek tot die slagting van vermoorde herte
Ook ú dood voeg.

MALCOLM : Die hemel wees ons genadig !
Moenie jou hoed aftrek oor jou oog nie, man.
Gee smart sy woord. Groot droefheid wat min spreek,
Belaai met binnepraat die hart, wat breek.

MACDUFF : My kinders ook?

ROSS : Vrou, kinders, dienaars, almal
Wat kon gevind word.

MACDUFF : En ek moes ver weg wees !
My vrou ook dood?

ROSS : Ook sy.

MALCOLM : Wees dit ons troos,
Dat ons uit groot weerwraak medisyne maak
Wat ons dodelikste smart genees.

MACDUFF : Hy het geen kinders nie. Al my pragtige goedjies?
Hoe sê u, almal? Valk van die hel ! Hulle almal?
Wat ! Al my kuikentjies en die moederhen
In een fel duikvlug weg?

MALCOLM : Bestry dit soos 'n man.

MACDUFF : Dit sal ek doen.
Maar ek moet dit ook vóél soos 'n man. Hoe kan
Ek vergeet dat daar dinge was ná aan my hart?
Het die hemel dit aanskou, en nie hulle kant
Gekies nie? Sondige Macduff, vir jou
Is hulle neergevel ! Ek, minder as niks !

Nie om hul eie skuld, om myne, is moord
Op hul siele gepleeg. God, gee hulle vrede en rus!

MALCOLM : Wees dit die slypsteen vir jou swaard. Maak smart
Tot toorn. Moenie jou hart afstomp nie, verskerp
Sy haat.

MACDUFF : O, ek kon die vrou speel met my oë
En die bluffer met my tong! Maar, liewe hemel,
Verkort die tussenspel. Laat man tot man
Die duiwel van Skotland en ek self op swaard
Se lengte staan, en as hy my ontvlug,
Vergeef U hom dan ook!

MALCOLM : Dis mannetaal.
Kom ons gaan na die koning. Ons mag staan klaar.
Niks as die afskeid bly nog oor. Macbeth
Is ryp om geskud te word, die magte bo
Maak die wapens klaar. Wees welgemoed, en wag :
Geen nag so lank, of daaroor breek die dag.

Almal af.

VYFDE BEDRYF

TONEEL EEN: DUNSINAAN — 'N VOORSAAL
IN DIE KASTEEL

'n Dokter en 'n Hofdame kom op.

DOKTER : Ek het nou twee nagte saam met u gewaak, maar kan geen waarheid bespeur in u berig nie. Wanneer het sy laas gewandel?

HOFDAME : Sedert Sy Majesteit se vertrek na die slagveld het ek haar sien opstaan uit haar bed, haar nagjurk om haar gooi, haar kabinet oopsluit, papier uithaal, dit vou, iets daarop skryf, dit lees, dit daarna verseël, en terugkeer na haar bed. Dit alles terwyl sy vas aan die slaap is.

DOKTER : 'n Groot verstoring in die natuur, om tegelyk die voordeel van die slaap te geniet en die werk van die wakende toestand ook te doen ! In hierdie sluimerige opwinding, wat het u, afgesien van wandelings en ander doenighede, haar van tyd tot tyd hoor sê?

HOFDAME : Dinge, Heer, wat ek nie agterna wil herhaal nie.

DOKTER : U mag aan my; en dit is baie wenslik dat u dit doen.

HOFDAME : Nòg teenoor u, nòg teenoor iemand anders, aangesien ek geen getuie het om te bevestig wat ek sê nie.

Vrou Macbeth op met 'n kers.

Kyk, daar kom sy ! Dit is haar manier van doen, en, so waarlik, vas aan die slaap. Beskou haar, staan verskuil.

DOKTER : Waar kry sy daardie lig?

HOFDAME : Wel, dit staan bý haar; sy het altyd lig by haar –
dis haar bevel.

DOKTER : U sien, haar oë is oop.

HOFDAME : Ja, maar sy sien niks.

DOKTER : Wat doen sy nou? Kyk hoe vryf sy haar hande.

HOFDAME : Dis haar gewoonte om so te maak, dat dit lyk of
sy haar hande was. Ek het al gesien dat sy vir 'n kwartier so
aanhou.

VROU MACBETH : Hier is nog 'n vlek.

DOKTER : Hoor, daar praat sy. Ek wil opteken wat sy praat
om my herinnering beter te kan bevestig.

VROU MACBETH : Weg, vervloekte vlek! Weg sê ek! Een, twee,
wel, dan is dit tyd om dit te doen – die hel is swart – Foei,
my Heer, foei, 'n krygsman, en te bang? Wat hoef ons te
vrees wie dit weet, as niemand ons mág tot rekenskap kan
roep nie? Maar wie kon gedink het die ou man sou soveel
bloed in hom hê?

DOKTER : Het u dít gehoor?

VROU MACBETH : Die Taan van Fife het 'n vrou gehad; waar is
sy nou? – Wat, sal hierdie hande nooit weer skoon wees nie?
– Niks meer daarvan nie, my Heer, niks meer daarvan nie!
U bederf alles met die skielike skrik.

DOKTER : Wel-wel, wel-wel! U het dus geweet wat u nie moes
weet nie.

HOFDAME : Sy het gesê wat sy nie moes gesê het nie, ek is daar-
van seker. Die hemel weet wat sy alles geweet het.

VROU MACBETH : Hier is nog altyd die ruik van bloed. Al die
reukwerk van Arabië sal nooit dié klein handjie sy soet geur
gee nie. O, o, o,!

DOKTER : Wat 'n sug! Die hart is swaar belas.

HOFDAME : Ek sou nie so 'n hart in my boesem om wil dra vir al die waardigheid waarmee die liggaam bekleed is nie.

DOKTER : Wel, wel, wel –

HOFDAME : Mag God gee dat dit wel is, Heer.

DOKTER : Hierdie siekte gaan my kuns te bowe. Ek het nogtans mense geken wat geloop het in hul slaap, maar salig in hul bed gesterf het.

VROU MACBETH : Was jou hande, trek jou nagkleed aan, en moenie so bleek lyk nie. Ek sê jou nog 'n keer : Banquo is begrawe; hy kan nooit weer opstaan uit sy graf nie.

DOKTER : Dit ook?

VROU MACBETH : Na bed, na bed! Daar word aan die poort geklop. Kom, kom, kom, gee my jou hand. Gedaan word nooit weer ongedaan nie. Na bed, na bed, na bed!

Af.

DOKTER : Sal sy nou na bed gaan?

HOFDAME : Onmiddellik.

DOKTER : Vuil fluisterings in die lug. Die vreemde dade
Wek vreemde gevolge. Geeste, besmet met skuld,
Bely aan dowe hoofkussings hul geheime.
Sy 't eerder 'n priester as 'n dokter nodig.
God, God, vergeef ons almal. Waak oor haar.
Verwyder al's waarmee sy haarself kan skaad,
En hou dán nóg u oog oor haar. Goeienag.
Sy het my verstand oorbluf, my oog verbaas.
Ek dink, maar durf nie praat nie.

HOFDAME :

Goei'nag, Dokter.

Af.

*Trom en vaandels. Menteith, Caithness,
Angus, Lennox en soldate kom op.*

MENTEITH : Die Engelse mag is digby, aangevoer
Deur Malcolm, sy oom Siward, en Macduff.
Hul vlammende wraaklus sou vir die heilige saak
Selfs 'n bestorwe kluisenaar aan kon vuur
Tot bitter en bloedige stryd.

ANGUS : By Birnam-woud
Sal ons hulle aantref; daarheen trek hulle op.

CAITHNESS : Weet iemand of Donalbain ook by sy broer is?

LENNOX : Nee, Heer, ek weet dit seker; ek het 'n lys
Van al die adel. Siward se seun is daar,
En baie melkbaardseuns wat hul manbaarheid
Nou pas betree.

MENTEITH : En wat doen die tiran?

CAITHNESS : Groot Dunsinaan het hy nou swaar versterk.
Hulle sê hy's mal; ander, wat hom minder haat,
Noem dit 'n dapper waansin. Seker is,
Hy kan sy opgeblaasde saak nie meer
Ingord tot orde nie.

ANGUS : Hy voel een oomblik
Hoe al sy sluipmoorde aan sy hande kleef,
Dan weer hoe opstande teen hom elke minuut
Sy ontrou wreek. Sy dienaars dien net op
Bevel, nie uit liefde nie. Hy voel sy titel
Hang los en wyd, soos 'n reus se mantel om
'n Dwerg wat dit gesteel het.

MENTEITH : Maar wie's verbaas
Dat sy arm verpeste siel t'rugdeins en skrik,
As al's wat in hom leef, homself vervloek
Omdat dit dáár is.

CAITHNESS : Kom, ons trek saam op,
Betoon gehoorsaamheid waar plig dit verg,
Ontmoet die geneesheer van ons ryk, en stort
Met hom ons laaste druppel.

LENNOX : Of net genoeg
Rooi druppels dou, wat die koningsblom verkwik,
Maar die onkruid in ons land sal laat verstik.
Kom, laat ons optrek Birnam toe.

Hulle marsjeer af.

TONEEL DRIE: DUNSINAAN – 'N KAMER IN
DIE KASTEEL

Macbeth, Dokter en volgelinge op.

MACBETH : Bring geen berigte meer, laat almal vlug.
Vóór Birnam-woud opruk na Dunsinaan
Ken ek geen vrees. En wie's die seun Malcolm?
Hy is uit 'n vrou gebore ! Die geeste, wat
Die sterflike toekoms ken, het vas voorspel :
„Vrees nie, Macbeth ; geen man deur 'n vrou gebaar,
Kan ooit mag kry oor jou.” Vlug, valse Tane,
Kruip in by Engelse vreet- en drinkgenote.
My gees, my hart, wat oor my lot beskik,
Sal nooit vertwyfeld sak of beef van skrik.

'n Dienaar kom op.

Mog die duiwel jou swart vloek, jou melkbleek gek !
Waar kry jy daardie gansgesig ?

DIENAAR : My Heer,
Tienduisend –

MACBETH Ganse, skurk ?

DIENAAR : Soldate, Heer !

MACBETH : Loop prik jou wang en verf jou vrees weer rooi,
Jou meelgesig. Wat se soldate, gek?
O, sterf jou siel ! So 'n lakenwit gevreet
Sal skrik saai orals. Wat se soldate, bangbroek?

DIENAAR : Die Engelse leër, met u verlof.

MACBETH : Weg jou gesig !

Dienaar af.

Seyton, my hart word siek
Van dit te sien – Seyton, ek sê – Dié stoot
Sal my ewig bly maak, of siek tot die dood.
Ek het lank genoeg geleef. My lewe het nou
Verval tot blare wat geel word en verdor.
En wat steeds saamgaan met die ouderdom,
Soos liefde, eerbied, trou, en talle vriende,
Kan ek nie meer verwag nie; eerder vloeke,
Gesmoord maar diep, mondhulde, asem,
Wat die arme hart sou weier as hy durf.
Seyton !

Seyton op.

SEYTON : Wat wens U Hoogheid?

MACBETH : Is daar nog nuus?

SEYTON : Wat reeds berig is, is bevestig, Heer.

MACBETH : Ek sal veg tot die vleis gekap word van my been.
Gee my my wapenrusting.

SEYTON : Dis nog te vroeg.

MACBETH : Ek sal dit aantrek.

Stuur nóg meer ruiters uit, deurkruis die land,
Hang óp die wat praat van vrees. Bring hier my harnas !

Dokter kom op.

Dokter, hoe gaan dit met haar?

DOKTER : Nie erg nie, Heer,
Sy word deur hersenskimme druk besoek
En dit versteur haar slaap.

MACBETH : Genees haar. Kan
U kuns 'n siek siel ook genees, 'n diep
Gewortelde smart uit sy herinn'ring pluk,
Kommer se inskrif in die brein uitwis,
Met soet vergetelheid tot teëgif
Die hart ontlas van opgehoopte laste
Wat dodelik daarop druk?

DOKTER : Die sieke moet
Daarvan homself genees.

MACBETH : Gooi jul middels
Dan vir die honde; ek wil daar niks van weet nie.
Kom, bring my wapenrusting, gee my staf.
Seyton, stuur uit. Dokter, my Tane vlug.
Gou, seun! Dokter, kon u 'n monster van
My land se water toets, die kwaal ontdek,
Haar suiwer en gesond soos vroeër maak,
My lof sou klink tot waar die weerklank wag
Om ook u naam te roem. Trek dit af, sê ek!
Sal senna, rabarber of ander purgatief
Die Engelse af kan dryf. U weet van hulle?

DOKTER : Ja, Heer, u vorstelike voorbereiding
Laat ons wel iets verneem.

MACBETH : Bring dít maar saam.
Geen vrees vir vloek of dood sal my bedruk
Voor Birnam-woud na Dunsinaan opruk.

DOKTER (*Tersy*) : Was ek maar veilig, ver van Dunsinaan,
Geen geld of guns trek my weer hierheen aan.

Almal af.

TONEEL VIER: LAND NABY BIRNAM-WOUD

*Trom en vaandels. Malcolm, ou Siward en sy
Seun, Macduff, Menteith, Caithness, Angus,
Lennox, Ross en Soldate op.*

MALCOLM : Vriende, ek hoop die tyd kom gou dat kamers
Weer veilige wonings word.

MENTEITH : Ons twyfel nie.

SIWARD : Maar wat se woud is dit?

MENTEITH : Die Birnam-woud.

MALCOLM : Laat elke krygsman 'n tak afkap en dit
Reg voor hom dra. Daardeur verduister ons
Die grootte van ons mag en sal spioene
Dit verkeerd gaan rapporteer.

SOLDATE : Ons sal so doen.

SIWARD : Ons hoor die dwing'land bly nou selfversekerd
Alleen oor daar in Dunsinaan, en wag
Dat ons hom moet beleër.

MALCOLM : Al hoop vir hom,
Want waar die geringste kans bestaan, het hoog
En laag in opstand van hom weggebreek.
En slegs gespuis wat onder dwang leef, dien
Hom nog, maar sonder hart.

MACDUFF : Laat oordeel wag
Op die feite self en ons onself omgord
Met vlyt en krygsmanskap.

SIWARD : Die tyd sal kom
Dat ons met gepaste sekerheid herken
Wat ons alreeds besit, of nog moet wen.

Ons kan vals hoop met raai en dink behaal,
Maar sekerheid net met slag van staal op staal;
Laat ons daarheen optrek tot die stryd.

Almal marsjeer af.

TONEEL VYF: DUNSINAAN-IN
DIE KASTEEL

Macbeth, Seyton en Soldate, met trom en vaandels.

MACBETH : Hang uit ons vaandels op die buitemure.
Nog steeds die skreeu : „Hulle kom.” Ons slot se krag
Sal spot met die beleg. Laat hulle hier lê
Tot honger en pes hulle opvreet. As hulle nie
Versterk was deur ons eie afvalliges,
Sou ons hulle daar ontmoet het man vir man
En huiswaarts teruggedryf het.

'n Gehuil van vroue binne.

En dié geskreeu?

SEYTON : Dis die geween van vroue, my goeie Heer.

Af.

MACBETH : Ek het amper reeds die smaak van vrees vergeet :
Daar was 'n tyd toe my hart by naggeskreeu
Yskoud geword het, en my haarbos by
'n Gruwelstorie orent gestaan het asof
Dit leef. Ek is van gruwels versadig, sat.
Verskrikkings, so verwant aan my moordgedagtes,
Ontstel my nie.

Seyton weer op.

Wat was die geskreeu daarbinne?

SEYTON : Die koningin, my Heer, is dood.

MACBETH : Sy moes hierná gesterf het.

Daar sou vir so 'n woord dan tyd gewees het.

Maar more, en weer more, en weer more
Kruip met vertraagde tree van dag tot dag
Na die laaste letter van beskrewende tyd;
En al ons gisters het maar dwase voorgelig
Op die stofpad van die dood. Brand uit, kort kerslig!
Die lewe is 'n skim wat dwaal, 'n swak speler,
Wat op die toneel sy uur vol pronk en raas,
Dan stil, vir goed verdwyn. Dis 'n verhaal,
'n Sot se storie, vol rumoer en drif,
Maar sonder sin.

'n Bode op.

Jy kom jou tong gebruik; praat gou en klaar.

BODE : My edele Heer,
Ek moet berig wat ek sê wat ek gesien het,
Maar ek weet nie hoe nie.

MACBETH : Nou ja, sê dit dan.

BODE : Terwyl ek wagstaan op die heuweltop,
Kyk ek na Birnam; skielik sê my oog
Die bos begin beweeg.

MACBETH : Jou leuenaar, skurk!

BODE : Wreek op my kop u woede as ek lieg.
Op drie myl afstand kan u dit sien kom,
Ek sê, 'n bos wat loop.

MACBETH : As dit vals is,
Hang ek jou lewendig op aan die naaste boom
Tot honger jou uitdor. Maar, as dit waar is,
Kan jy met my dit doen, dit traak my nie.
Dit ruk my wilskrag in die bek; ek wantrou
Die dubbelpaat reeds van dié duiwel wat lieg
Soos die waarheid self : „Vrees nie, voor Birnam-woud
Opruk na Dunsinaan.” Nou stap 'n woud
Na Dunsinaan. Te wapen, wapen, uit!
Hou wat hy sê tog wel die waarheid in,
Help vlug van hier en hiër bly ewe min.

Ek word nou moeg en sat vir die son se steek,
En wens die staat van dinge tuimel, breek.
Lui, lui die noodklok ! Waai, storm ! Wrak, stort !
Laat ons dan sterf met harnas aangegord.

Almal af.

TONEEL SES: DUNSINAAN—VOOR DIE
KASTEEL

*Trom en vaandels. Malcolm, ou Siward, Macduff,
en hul leer op met boomtakke.*

MALCOLM : Nou ná genoeg. Gooi af jul lowerskilde,
En toon julle soos julle is. U, waarde Oom,
Sal met my neef, u hooggeagte seun,
Ons stryd inlei. Die waarde Macduff en ons
Sal op ons neem wat oorbly om te doen
Streng volgens ons bevele.

SIWARD : Vaar dan wel.
Kom ons by die vyandsmag vannag tereg,
Laat ons sterf as ons te swak is om te veg.

MALCOLM : Trompette, blaas, één magtige asemstoot,
Die sketterende heroute van bloed en dood.

Af.

TONEEL SEWE: 'N ANDER DEEL VAN
DIE SLAGVELD

Krysgereg. Macbeth op.

MACBETH : Ek staan teen 'n paal gebind, geen kans vir vlug,
En moet, soos 'n beer, my rondte veg. Maar wie
Is nie deur 'n vrou gebaar nie? Só een moet
Ek vrees, of niemand nie.

Jong Siward op.

JONG SIWARD : Wat is u naam?

MACBETH : Jy sal skrik as jy dit hoor.

JONG SIWARD : Nooit, al dra u 'n naam wat warmer is
As in die hel bestaan.

MACBETH : Ek is Macbeth.

JONG SIWARD : Die duiwel ken geen naam wat in my oor
So haatlik klink nie.

MACBETH : Of so met vrees vervul.

JONG SIWARD : Jy lieg, walglike tiran, en met my swaard
Sal ek jou wys jy lieg.

Hulle veg en jong Siward word verslaan.

MACBETH : Uit 'n vrou gebore!
Ek spot met wapens en die swaard se gevaar
In die hande van een deur 'n vrou gebaar.

Af.

Krygsgerug. Macduff op.

MACDUFF : Die gedruis is daar. Tiran, wys jou gesig!
As jy geval het, nie deur 'n swaard van my,
Sal die spook van vrou en kinders my blý besoek.
Ek kan nie veg teen arme huursoldate
Wat wapens dra nie. Dis òf vir jou, Macbeth,
Òf hierdie swaard keer skaarloos maar ook daadloos
Weer in sy skede terug. Dáár moet jy wees.
Die swaardgekleetter daar roem luid 'n vegter
Van groot aansien. Geluk, laat my hom vind!
Meer vra ek nie.

Af. Krygsgerug.

Malcolm en ou Siward op.

MACDUFF : Wanhoop dan nou !
En laat die duiwel wat jy trou gedien het,
Jou óók vertel : Macduff is vóór sy tyd
Uit die moederskoot geskeur.

MACBETH : Vervloek die tong
Wat dit vertel en die moed in my ontman.
Weg, ál die geeste wat met woorde goël
En ons met dubbelsinnigheid beduiwel,
Wat in ons ore beloftewoorde bind
En die hoop verbrysel voor ons oog. Ek sal
Nie met jou veg nie.

MACDUFF : Lafaard, gee dan oor,
En leef as skoustuk, kykstuk van die tyd.
Ons sal as een van ons vreemder monsters jou,
Geverf, plant op 'n paal, met onderskrif :
„Sien hier die groot tiran.”

MACBETH : Nooit gee ek oor
Om die grond te kus voor jong Malcolm se voet,
Steeds uitgetart deur die gespuis se vloek.
Met Birnam-woud by Dunsinaan, en vóór
My hier die man, nooit deur 'n vrou gebaar,
Waag ek my uiterste. My oorlogskild
Ruk ek hier voor my bors. Macduff, staan reg,
My vloek op hóm wat sê : „Genoeg geveg.”

Af, terwyl hulle veg. Krygsgerug.

*Aftog. Trompetgeskal. Malcolm, Ou Siward, Ross en ander
Tane, en Soldate op met trom en vaandels.*

MALCOLM : Was die vriende wat ons mis, maar veilig hier.

SIWARD : Party moet val. En tog, by wat ek sien,
Is 'n dag, so groot soos dié, goedkoop gewen.

MALCOLM : Macduff makeer nog, en u edele seun.

ROSS : U seun, my Heer, het 'n soldaat se tol
Betaal. Hy het geleef, net tot hy man word,

Sy man-wees net pas deur sy moed bekragtig,
Deur vas, onwrikbaar in die stryd te staan,
En toe gesterf, 'n man.

SIWARD : Dan is hy dood?

ROSS : Ja, hy is van die veld gedra. U smart mag nie
Gemeet word aan sy waarde nie, want dan
Sou dit eindeloos duur.

SIWARD : Is hy van vóór gewond?

ROSS : Ja, reg van voor.

SIWARD : God, maak hom U soldaat.
As ek net soveel seuns as hare had,
Kon ek vir hulle geen mooier dood bedink nie.
Sy lewe is afgesluit.

MALCOLM : Hy verdien meer rou,
En dit sal ék betoon.

SIWARD : Hy verdien niks meer.
Hy't voluit sy plig vervul en sterf met eer.
God sy met hom. Maar hier kom jonger troos.

Macduff weer op, met Macbeth se hoof.

MACDUFF : Heil, Koning ! Want dít is u. Aanskou die hoof
Van die vervloekte tiran. Die tyd is vry.
U staan omring deur die pêrels van u ryk,
Wat in hul hart reeds die begroeting spreek,
Maar mét my in een magtige stem nou roep :
„Heil, Koning van Skotland.”

ALMAL : „Heil, Koning van Skotland.”

Trompetgeskal.

MALCOLM : Nog voor die tydsduur al te lank geduur het,
Sal ons u liefde afsonderlik beloon
Om weer gelyk te kom. Verwante en Tane,
Wees vóórtaan Grawe, die eerste wat Skotland ooit

Met so 'n titel eer. Wat nog te doen is,
Wat nuut geplant moet word met verloop van tyd :
Verbanne vriende terugroep uit die vreemde,
Waar hulle die strik van waaksaam dwing'landy
Ontwyk het; die aankeer van die wrede helpers
Van hierdie beul en sy duiwelse koningin
Wat woes – so word verneem – deur eie hand
Gesterf het – dit, en meer wat aandag verg,
Sal ons met die guns van Gods genade streng
In die regte maat, op tyd en plek volbreng.
Met dank nooi ons u een en almal hier
Om saam ons kroningsfees op Scone te vier.

Hierdie boek is geset in 10 pt Baskerville
en gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier.

Tipografie deur Desmond Windell

Bandontwerp vir universiteitsuitgawe deur Desmond Windell

Bandontwerp vir handelsuitgawe deur G. H. Rindfleisch

Kopiereg in vertaling © 1964 deur W. J. du P. Erlank

Eerste uitgawe in 1965 deur Human & Rousseau

Uitgewers (Edms.) Bpk., Keeromstraat 72, Kaapstad;

Andriesstraat 172, Pretoria.